UNIVERSITEIT
iYUNIVESITHI
STELLENBOSCH
UNIVERSITY

100
1918 · 2018

# REKTOR SE BESTUURSVERSLAG AAN DIE RAAD

Donderdag 2 Desember 2021

Prof WJS de Villiers,
Rektor en Visekanselier

# Inhoud


INLEIDING ... 4
TEMA 1: 'N FLORERENDE UNIVERSITEIT STELLENBOSCH ... 6
1.1 Institusionele Komitee vir Bedryfsvoortsetting (IKBV) ... 6
1.2 Kampusgesondheidsdiens se reaksie op COVID-19 ... 9
1.3 COVID-19-veiligheidsbewusmakingsveldtog ... 10
1.4 COVID-19 inentingsveldtog ... 10
1.5 US maak opgang op internasionale universiteitsranglyste ... 11
1.6 US beste SA universiteit vir Rekenaarwetenskapstudie ... 11
1.7 US Taaldag ... 12
1.8 Strategiese Fonds ... 12
1.9 US-handelsmerke ... 13
1.10 Saam skep ons 'n nuwe US-handelsmerk ... 13
1.11 Strategie, Globale en Korporatiewe Sake ... 13
1.12 Stelselvernuwing ... 14
1.13 Risikobestuur en sekuriteit ... 15
1.14 Kampusvernuwing ... 16
1.15 Bestuur van strategiese infrastruktuurbates ... 17
1.16 Nutsdiensbestuur ... 17
1.17 Transformasie-inisiatiewe ... 17
1.18 Jaarlikse sosiale-impaksimposium ... 18
1.19 Matie Gemeenskapsdiens in Afdeling Sosiale Impak opgeneem ... 18
1.20 Beste praktyk in institusionele oorsigbestuur, voldoening en risikobestuur ... 19
1.21 Institusionele komitees ... 19
1.22 Nuwe webblad vir Inligtingsoorsigbestuur ... 19
1.23 PAIA en POPIA ... 19
1.24 Fakulteit Regsgeleerdheid vier 100 jaar ... 20
1.25 US in die nuus ... 20
1.26 'Oorsig 2020' ... 21
TEMA 2: 'N TRANSFORMERENDE STUDENTE-ERVARING ... 22
2.1 Rektorstoekennings vir Uitnemende Prestasie ... 22
2.2 Nuwe SR verkies ... 22
2.3 Betrokke burgerskap bevorder ... 22
2.4 Maties Sport ... 22
2.5 Aansoekproses gestroomlyn ... 23
2.6 Skakeling met voornemende studente ... 24
2.7 Maties 101 ... 24
2.8 Webinaar vir graad 11-leerders ... 25
2.9 Hulpbronmateriaal vir voornemende studente nou in Xhosa beskikbaar ... 25
2.10 Studentehuisvesting ... 25
2.11 Eksamen-innovasie ... 25
2.12 Jaarfonds help die gaping oorbrug ... 26
2.13 Herposisionering van voorgraadse beursbystand ... 26
2.14 Ikusasa-finansiëlehulpprogram vir studente ... 26
2.15 Nuwe Dell Young Leaders-kohort aangekondig ... 26
TEMA 3: DOELGERIGTE VENNOOTSKAPPE EN INKLUSIEWE NETWERKE ... 27
3.1 Vergadering van Stellenbosch Internasionale Akademiese Netwerke ... 27
3.2 Bilaterale en multilaterale skakeling ... 27
3.3 Leierskonferensie van Talloires-netwerk ... 27

3.4 Gemeenskapsdeelname oor Hardekraaltjie-begraafplaas ..... 28
3.5 Stellenbosch Netwerk ..... 28
3.6 Matiewinkel ..... 28
3.7 US Woordfees en US Koor ..... 28
3.8 Ooreenkoms met Stellenbosch Akademie vir Sport ..... 28
TEMA 4: GENETWERKTE EN SAMEWERKENDE ONDERRIG EN LEER ..... 29
4.1 Projek vir uitgebreide leerruimtes ..... 29
4.2 Kortkursusse ..... 29
4.3 US Biblioteeksimposium ..... 29
TEMA 5: NAVORSING VIR IMPAK ..... 29
5.1 Kennisgids verhoog navorsingsimpak ..... 30
5.2 Spogpublikasie oor COVID-19-navorsing aan die US ..... 30
5.3 US-vrouenavorsers ..... 31
5.4 US-navorsingsleerstoele en sentrums van uitnemendheid op die voorgrond ..... 31
5.5 Horizon Europe ..... 31
5.6 Wellcome Trust-toekennings ..... 31
TEMA 6: VOORKEURWERKGEWER ..... 31
6.1 Personeelgesondheid en -welstand ..... 32
6.2 Taakgroep oor personeelaansporings se werk afgehandel ..... 32
6.3 Hersiening van prestasiebestuurstelsel ..... 32
6.4 Boeliery in die werkplek ..... 32
6.5 Personeelprestasies- en aanstellings ..... 32
6.6 Aanlyn veldtog ’n vertoonvenster vir uitgelese professore ..... 33
6.7 Intreelesingreeks ..... 33
6.8 STIAS-genoot wen Nobelprys vir Letterkunde ..... 33
SLOT ..... 34
BYLAAG: MENINGSARTIKELS EN RUBRIEKE ..... 35
Meningsartikels (18 Augustus–2 November 2021) ..... 35
Rubrieke (18 Augustus–2 November 2021) ..... 40
MEDEWERKERS ..... 42

## INLEIDING

Welkom by die Universiteit Stellenbosch (US) se vierde en laaste Raadsvergadering vir 2021. Ons vergadering val saam met die einde van die eerste rondte jaareindeksamens, wat bevestig dat ons nóg ’n suksesvolle akademiese jaar afgelê het ondanks die uitdagings van die voortslepende COVID-19-pandemie.

Te midde van al die onsekerhede wat kort- tot mediumtermynbeplanning van ons akademiese aktiwiteite bemoeilik het, het die tweede semester darem ook ’n aantal bemoedigende ontwikkelings ingehou. Eers was daar die aankondiging dat almal van 35 jaar en ouer ingeënt kon word, en dat die hoëronderwyssektor vir inenting geprioritiseer is. Inentings is kort daarna vir almal bo 18-jarige ouderdom oopgestel. Dít is gevolg deur die regering se aankondiging van aangepaste risikovlak 1 en die vergunnings wat daarmee gepaardgaan, wat sedert 1 Oktober geld.

Hierdie ontwikkelings het dit moontlik gemaak vir ons studente en personeellede om op groot skaal terug te keer na ons kampusse, maar het ook ’n vinnige verandering in ons institusionele benadering tot onderrig, leer en assessering vereis. Aan die begin van die tweede semester moes ons ERTLA (noodafstandsonderrig, -leer en -assessering) weer vir ARTLA (aangevulde afstandsonderrig, -leer en -assessering) verruil. Boonop het dít plaasgevind te midde van ’n openbare debat oor verpligte inentings vir studente en personeellede as voorvereiste vir fisiese teenwoordigheid in ons lesingsale en ander fasiliteite. (Klik hier vir die Raad se opdrag aan die bestuur oor ’n inentingsbeleid of -reël.)

Die verskillende inperkingsvlakke na aanleiding van die landwye COVID-infeksiesyfer het natuurlik die hele jaar deur etlike oorskakelings in ons akademiese aanbiedingsmetode meegebring. Dít het ons akademiese personeellede onder erge druk geplaas en hul aanpasbaarheid en deursettingsvermoë tot die uiterste beproef. Ek bedank graag elkeen vir hul volharding, wat nou al ’n kenmerk van Span US geword het.

Noudat die infeksiesyfers landwyd aansienlik laer is en kenners meer ontvanklik is vir die moontlikheid dat die vierde vlaag dalk nié sal materialiseer tot die mate wat verwag is nie, is ons aan die voorberei vir ’n volskaalse terugkeer na kontaklesings en die klaskamer wanneer die akademiese jaar 2022 begin. Ons bly egter verbind tot datagegronde besluitneming, en moniteer dus die pandemie noukeurig om te sorg dat ons in die nuwe jaar veilig na ‘normaal’ kan terugkeer.

Nietemin kan en durf ons, as verantwoordelike leiers van hierdie gerekende instelling, nie toelaat dat ons aandag afgelei word van ons kern- strategiese doelstellings wat die US ná COVID-19 op koers sal hou nie. Ons het by ons Institusionele Beplanningsforum vroeër vanjaar ons vordering met die implementering en uitvoering van ons Strategiese Raamwerk 2019–2024 in oënskou geneem. Ons almal was dit eens dat ons in daardie stadium halfpad was wat lewering betref.

Die Rektoraat het by sy beraad van 23 en 24 Augustus verder gesels oor die strategiese gebiede wat as ‘spelbrekers’ vir die Universiteit se toekomstige volhoubaarheid en sukses beskou word:

- **programvernuwing** (om aan die vereistes van die wêreldekonomie te voldoen);
- die **skool/fakulteit-model** (om die US se akademiese, professionele en navorsingsaanbod meer vaartbelyn te maak);
- die ontsluiting van **innovasie en entrepreneurskap** (wat leer, onderrig, navorsing en kommersialisering insluit);
- die uitbouing van die US se **hibridiese model** (om nuwe markte te bereik en te ontgin);
- **assessering** (nuwe en gepaste metodes om aan die vereistes van moderne handel en nywerheid te voldoen);
- modelle om **vennootskappe** in Afrika en die res van die wêreld te ontsluit; en
- ons **digitale transformasiestrategie** (wat ons behoorlik vir die moderne digitale era sal toerus).

Ál hierdie elemente hou verband met ons groter akademiese projek en moet onverwyld geprioritiseer en geïmplementeer word. Dít vereis uiteraard sorgvuldige beplanning, goeie spanwerk, en veral ook aansienlike hulpbron- en infrastruktuurvoorsiening.

Wat laasgenoemde betref, het ek in my afgelope paar bestuursverslae volledige terugvoer gebied oor die infrastruktuur- en vermoëbouprojekte wat op ons verskillende kampusse aan die gang is. Dit het nie ongesiens verbygegaan nie. Ek deel graag Tshiamo Moleme, die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding (DHOO) se direkteur van Infrastruktuursteun, se reaksie op die aanwending van ons infrastruktuur- en doeltreffendheidstoekennings ("IEG") van 1 April tot 30 September 2021:

> *Dit is verstommend! Ek het pas vir langer as 40 minute jul verslag met jul jaarverslae, jul toekenningsbrief en ander universiteite se besteding vergelyk. Vir jul vyfde IEG-siklus het julle in 'n enkele kwartaal R315 miljoen bestee! Dis meer as wat die meeste universiteite oor drie jaar bestee. Van die 25 ander universiteite het slegs een meer as R315 miljoen oor drie jaar bestee. Boonop implementeer julle 'n projek van R1 miljard (die grootste projek in die stelsel tot nog toe) asof COVID-19 geen invloed op julle gehad het nie.*

Dít getuig nogeens van ons personeel se skrik-vir-niks-houding, wat ons instelling in staat stel om ondanks teëspoed te floreer. Ek doen dus graag verslag dat die US, ten spyte van die probleme wat gedurende die akademiese jaar 2021 ondervind is, sterker en oorgehaal is om enige uitdaging wat die nuwe jaar dalk inhou die hoof te bied.

Laat my ook toe om terugvoer te bied oor twee inisiatiewe wat 'n kernrol in ons toekomstige institusionele en akademiese werksaamhede sal vervul, naamlik (i) die Taalbeleidsraamwerk vir die Hoër Onderwys, en (ii) die viering en bevordering van meertaligheid by die US.

**Taalbeleidsraamwerk vir die Hoër Onderwys:**

In 'n eerste kollokwium oor die pad vorentoe met die nuwe Taalbeleidsraamwerk vir Hoëronderwysinstellings op 28 en 29 September was hoëronderwysverteenwoordigers dit eens dat samewerking deurslaggewend sal wees. Die geleentheid is aangevoor deur Universiteite Suid-Afrika (USAf) se praktykgemeenskap vir die onderrig en leer van Afrikatale, met die US as gasheer.

Bykans 200 deelnemers het ingeskakel vir die twee dae lange aanlyn kollokwium – die eerste in 'n reeks oor die nuwe Taalbeleidsraamwerk. Afgevaardigdes van oor die hele hoëronderwyssektor, waaronder meer as 30 sprekers van Suid-Afrikaanse universiteite en die DHOO, het oor kwessies van meertaligheid en die implementering van die DHOO se nuwe raamwerk, wat in Oktober 2020 gepubliseer is, beraadslaag. Die raamwerk beoog spesifiek "om die gebruik van alle amptelike tale in alle funksionele domeine van die openbare hoër onderwys te bevorder en te versterk".

Ek het in my opmerkings by die kollokwium my volle steun toegesê aan samewerking tussen alle hoëronderwysinstellings om meertaligheid te bevorder as 'n meganisme om ruimte te skep vir die verdere ontwikkeling van Afrikatale. Ek het ook weer die US se siening benadruk dat Afrikaans by die DHOO se lys van inheemse tale ingesluit behoort te word. Afrikaans is tans uitgesluit van die definisie van inheemse tale.

**Meertaligheid by die US:**

Ter viering van meertaligheid het akademici, studente en personeellede onlangs ondersoek ingestel na maniere om 'n meertalige ingesteldheid by onderrig, leer en assessering aan die US te integreer.

Hierdie gesprekke het plaasgevind by die US se Taaldag 2021 (***sien ook 1.7 in hierdie verslag***) wat deur die Afdeling Leer- en Onderrigverryking aangebied is. Die tema van vanjaar se Taaldag was "Taal, leer, leef! Die implementering van meertaligheid by die US in akademiese en sosiale ruimtes". Klik hier vir 'n video oor Taaldag.

Ek het in my openingsrede my siening herhaal dat meertaligheid deel is van Suid-Afrikaners se DNS. Vir my gaan dit nie net oor institusionele meertaligheid nie, maar ook individuele meertaligheid. Ons wil met ander woorde nie net meertalige ruimtes by die US skep deur byvoorbeeld vertaling en tolking nie, maar ons moedig mense ook aktief aan om meer as een taal te gebruik, selfs al kan hulle net ’n paar woorde verstaan of sê. Ek is oortuig daarvan dat meertaligheid ’n bate is, nie iets om van weg te skram nie, en dat dit omarm en gevier moet word.

Soos gewoonlik ontvang ’n lid van die Rektoraat weer geleentheid om ’n jaarverslag aan die Raad voor te lê. Hierdie keer is die **Viserektor: Leer en Onderrig, prof Deresh Ramjugernath** aan die beurt met ’n verslag oor werksaamhede in sy verantwoordelikheidsentrum die afgelope jaar – sy eerste beurt sedert hy in Januarie aangestel is. Daarom bevat hierdie oorsigtelike bestuursverslag slegs enkele hoogtepunte uit sy portefeulje. Raadpleeg gerus sy afsonderlike verslag vir meer besonderhede.

Hierdie verslag handel oor die tydperk **28 Augustus tot 10 November 2021**, tensy daar anders aangedui word. Ek en my medebestuurslede verwelkom die geleentheid om met die Raad in gesprek te tree.

# TEMA 1: ’N FLORERENDE UNIVERSITEIT STELLENBOSCH

Ons *Visie 2040 en Strategiese Raamwerk 2019–2024* (klik op skakel vir volledige dokument) lui soos volg oor hierdie kern strategiese tema: “Om die US ’n **florerende organisasie** te maak, beoog ons ’n **lewenskragtige, voorspoedige en sistemies volhoubare** universiteit (met ‘florerend’ wat omskryf word as ‘om sukses te behaal of bestendige vordering te maak; om voorspoedig te wees; om te gedy’).

Die US erken die groot uitdagings verbonde daaraan om ’n florerende universiteit te word. Ons besef dat ons responsief sowel as proaktief moet wees om die toekoms van die Universiteit te rig. Ons is verbind tot sistemiese volhoubaarheid, wat mense, plek (sosiaal), welvaart (ekonomies) en die omgewing insluit en verantwoordelike korporatiewe oorsigbestuur noodsaaklik maak”

## 1.1 Institusionele Komitee vir Bedryfsvoortsetting (IKBV)

### Werkstroom 1: Studentedienste

#### *Voorsitter: Dr Ronel Retief*

Die werkstroom vir studentedienste het in die verslagtydperk die volgende aanbevelings gedoen:

- Dat daar gelet word op die behoefte aan **bykomende finansiering** sodat die **Sentrum vir Studentevoorligting en -ontwikkeling** (SSVO) verdere konsultante kan bekom om studente by te staan met aansienlik hoër angsvlakke, depressiewe neigings en selfdoodgedagtes.
- Dat die aanbeveling oor die **formaat van die gradeplegtighede in Desember 2021** bekragtig word. Die voorgestelde gradeplegtigheidsrooster volg weer die hibridiese model, wat voorsiening maak vir klein fisiese plegtighede om doktorsgrade, eredoktorsgrade, die Kanselierstoekennings en die Kanseliersmedalje toe te ken, sowel as fakulteitspesifieke aanlyn plegtighede om alle ander kwalifikasies te verleen.
- Dat die uitreikingsdatum van die fakulteitspesifieke aanlyn plegtighede saamval met die onderskeie fakulteite se fisiese plegtigheid (of eerste kontaktydgleuf, in geval van verskeie groepindelings).
- Dat twee **datums vir die staking van studie** bepaal word: een vir studente wat nié die A4-eksamens afgelê het nie (31 Augustus), en ’n ander vir diegene wat hét (17 September).

Wat sport betref, het die werkstroom aanbeveel dat **koshuissport** vir eers opgeskort word weens:

- teenstrydighede tussen binnenshuise en buitenshuise sport;

- die getal aktiwiteite en toeskouers wat ter sprake is;
- die verbod op besoekers by koshuise; en
- die voortgesette opskorting van alle sosiale en ander geleenthede by koshuise.

Die werkstroom sal voortaan sorg dat die opskorting van algemene sosiale geleenthede en koshuissportbyeenkomste saamval.

Die **akademiese kalender vir 2022** is gewysig om vir die laat uitreiking van matriekuitslae op 21 Januarie 2022 voorsiening te maak. Die raamwerkkalender is op die US se webtuiste gepubliseer.

## Werkstroom 2: Leer en onderrig

***Voorsitter: Prof Deresh Ramjugernath***

Kwessies waaroor die werkstroom vir leer en onderrig beraadslaag het, is soos volg:

- **Leer- en onderrigreëlings vir 2022** in die lig van die Raad se opdrag dat die bestuur aan 'n beleid of reël oor COVID-inenting werk. As deel van die instelling se inentingsbeleid/-reël, beveel die werkstroom aan dat alle klasse by die instelling in 2022 weer in kontakvorm plaasvind. Hierdie aanbeveling is onderworpe aan die beperkings wat die regulasies van die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding in daardie stadium oplê.
- **Assesseringsmetode vir die tweede semester van 2021** – aanlyn of kontak en onder toesig. Die werkstroom prioritiseer kontakassesserings onder toesig, buiten vir daardie modules waarvoor hierdie metode nie prakties uitvoerbaar is nie, en modules wat reeds volgens die oorspronklike plan vir aanlyn assesserings begin voorberei het.
- **Swak bywoning** van kontakleergeleenthede
- Die IKBV het in Junie besluit dat die name van studente wat ná die A2-eksamengeleentheid vir aanvullende (her-) eksamens in aanmerking kom, drie dae voor die A3-eksamen aangekondig kon word omdat die akademiese kalender weens COVID-19 verkort is. Hierdie reëling is vir die eksamen aan die einde van die jaar herhaal.

## Werkstroom 3: Personeel (menslike hulpbronne, gesondheid en welstand)

***Voorsitter: Prof Nico Koopman***

Inentings sowel as personeel se terugkeer kantoor toe was van die aangeleenthede wat die werkstroom vir personeel die afgelope tyd hanteer het.

Wat **inentings** betref, is sowat 9 000 entstofdosisse aan personeellede (889), studente (4 844) en gemeenskapslede (3 085) by die US se Lentelus-inentingsterrein in Hammanshandweg, Stellenbosch, toegedien sedert werksaamhede op 10 Augustus daar begin het.

Die werkstroom het ook beraadslaag oor die direktief wat die Departement van Arbeid en Indiensneming in Junie gepubliseer het, wat werkgewers toelaat om 'n beleid oor verpligte inenting vir sekere werknemers te implementeer.

Daarbenewens het die werkstroom leiding gebied oor **personeellede se terugkeer na die US se kampusse** in die vorm van twee dokumente in onderskeidelik Augustus en September, nadat die land eers na risikovlak 2 en toe 1 afgeskuif het. Daar is bevestig dat personeellede moet begin terugkeer na hul kampuswerkplekke. Hierdie besluit is daarop gegrond dat die US steeds 'n residensiële universiteit is, en dat verskeie take wél fisiese teenwoordigheid op kampus vereis. Verdere oorwegings het ingesluit die behoefte aan nouer skakeling met kollegas en meer toegespitste aandag aan prioriteite, die voorkoming van vervreemding van kampusse as primêre werkruimtes, en die versterking van personeelsamehang en -samewerking.

Die doel is dat alle personeellede teen die begin van 2022 na die kampus sal terugkeer. Die vereiste gesondheid- en veiligheidsprotokolle sal streng toegepas word. Indien die kampus- of nasionale omstandighede verander, kan hierdie reëling hersien word.

## Werkstroom 4: Kommunikasie, sosiale impak en eksterne verhoudinge

***Voorsitter: Prof Hester Klopper***

Hierdie werkstroom het voortgegaan om doeltreffende kommunikasie en skakeling met personeellede, studente en ander belanghebbendes te verseker. Kommunikasie het in die verslagtydperk hoofsaaklik oor **COVID-19-inenting** gehandel. Die doel was om die voordele van inenting uit te lig, personeellede en studente oor te haal om die entstof te ontvang, en inentingsvrese te besweer. Dít is gedoen deur massa-e-posboodskappe, nuusberigte en podsendings waarin kenners inligting voorsien het, asook antwoorde of gereelde vrae en verdere inligting op die inentingswebtuiste.

Voorts is ’n geïntegreerde kampusveldtog (waaronder plakkate op kampus en in koshuise) aan **bewusmaking oor die dra van maskers** gewy, en was daar ook kommunikasie oor **onderrig- en leerreëlings**.

## Werkstroom 5: Kampusbedrywighede

***Voorsitter: Ms Nicolette van den Eijkel***

Die werkstroom vir kampusbedrywighede gaan voort om die gewysigde rampregulasies te implementeer namate die risikovlakke verander.

**COVID-positiewe gevalle in koshuise** het gedurende die derde vlaag van die pandemie skerp gestyg. Protokolle was nietemin doeltreffend, en die situasie is goed bestuur. Studente en koshuishoofde het ’n waardevolle bydrae gelewer om die studente wat in isolasie of kwarantyn was te ondersteun.

Hoewel **veiligheidsambassadeurs** personeellede en studente bystaan om aan die protokolle oor sosiale distansiëring en die dra van maskers te voldoen, kom nie almal dit na nie.

**Opgeskerpte skoonmaakdienste** in eksamen- en toetslokale sowel as rekenaargebruikerareas wat baie gebruik word, gaan kampuswyd voort.

## Werkstroom 6: Finansies en regsaangeleenthede

***Voorsitter: Mnr Manie Lombard***

Om die finansiële implikasies van COVID-19 vir die US te hanteer, bestuur die werkstroom vir finansies en regsaangeleenthede kontantvloei op ’n daaglikse, maandelikse en jaarlikse grondslag, en maak aanpassings namate daar nuwe inligting oor die pandemie is. Die werkstroom het in die verslagtydperk **langertermynvooruitskattings tot en met 2027** voorsien. Die bestuur is tevrede dat die huidige maatreëls voldoende is om die finansiële volhoubaarheid van die oor ’n beplanningshorison van ses jaar te verseker.


## Werkstroom 7: Navorsing

Dié werkstroom sluit die Mediese Advieskomitee in, met prof Eugene Cloete as voorsitter, en het nie dié kwartaal enige nuwe aangeleenthede gehad om oor verslag te doen nie.

## 1.2 Kampusgesondheidsdiens se reaksie op COVID-19


Ons Kampusgesondheidsdiens (KGD) speel steeds 'n leidende rol in die institusionele reaksie op die COVID-19-pandemie.

Die grafiek hieronder toon KGD-personeel se kliniese reaksie op COVID-19-gevalle op kampus die afgelope paar maande. Getalle het sedert die begin van Oktober begin afneem, wat op die einde van die derde vlaag dui. Weeklikse verslagdoening aan die Rektoraat duur voort, en die US se spesiale webblad oor COVID-19-infeksies word gereeld bygewerk.




Danksy goeie verhoudings met die Wes-Kaapse gesondheidsdepartement, Stellenbosch-hospitaal en die plaaslike owerheid werk die US sedert die aanvang van die pandemie ten nouste met hierdie partye saam om die virus te bestry.

Dít het ook gelei tot die vestiging van die Lentelus-inentingsterrein om Stellenbosch-hospitaal te ondersteun. Die terrein is toeganklik vir US-personeellede en -studente sowel as lede van die algemene Stellenbosse gemeenskap en word ten volle deur die US gefinansier. Meer as 9 000 mense (55% van hulle studente) is al hier ingeënt. Sien die figuur hieronder vir vollediger syfers. Die Lentelusterrein het 15 personeellede in diens en kan tot 400 mense per dag inent.




Om die inentingsveldtog verder te ondersteun, is twee webinare met onderskeidelik prof Wolfgang Preiser en dr Jantjie Taljaard, albei van die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe, in September gehou om inentingsvrese in die US-gemeenskap te besweer. Klik hier vir 'n verwante video.

## 1.3 COVID-19-veiligheidsbewusmakingsveldtog

Korporatiewe Kommunikasie en Bemarking het in 2020 ’n COVID-19-veiligheidsbewusmakingsveldtog van stapel gestuur, wat in 2021 voortgeduur het. Die doel is om die US-gemeenskap bewus te maak van die pandemie én van maniere om virusoordrag te verhoed.

Die veldtog vind hoofsaaklik op sosiale media plaas. Ons sosialemediaplasings herinner studente aan hoe belangrik dit is om die COVID-19-veiligheidsprotokolle te gehoorsaam. Naweke word veiligheidsboodskappe pasgemaak om veral klem te lê op verantwoordelike sosialisering, die vermyding van groot byeenkomste, en die aandklokreël.

Om die veldtog vars te hou, is ’n nuwe voorkoms teen die einde van Augustus bekend gestel. Korporatiewe Kommunikasie en Bemarking werk ook voortdurend veldtogboodskappe by om seker te maak dat dit nuwe kwessies of sake aanroer wat moontlik opduik.

## 1.4 COVID-19 inentingsveldtog

Korporatiewe Kommunikasie en Bemarking gaan voort met die US se COVID-19-inentingsbewusmakingsveldtog, wat feite oor inenting uitlig en personeellede en studente aanmoedig om die entstof te ontvang. Die veldtog met die tema “#Inenting: Kom ons beweeg saam vorentoe” sluit die volgende komponente in:


- **Massa-e-pos- en persoonlike versoeke:** ’n Universiteit Stellenbosch-inentingsverklaring, wat die Rektoraat op 15 September aanvaar het, is aan alle personeellede en studente gestuur. Die verklaring is ook op die Universiteit se webtuiste en sosialemediaplatforms geplaas. Diegene wat die verklaring ondersteun, is aangemoedig om dit op hulle sosialemediablaaie te deel. Daarbenewens het personeellede en studente ’n versoek van die Institusionele Komitee vir Bedryfsvoortsetting ontvang om hulle te laat inent. Inligting oor die Lentelus-inentingsterrein word by die weeklikse digitale personeelnuusbrief, info@stellenboschuni, ingesluit. Boonop word inligting oor hoe om vir inenting te registreer en toegang tot ander inentingsterreine te bekom op ’n deurlopende grondslag beskikbaar gestel.
- **Inentingsblad:** ’n Spesiale inentingswebblad is geskep om as ’n eenstoppunt vir alle inentingsinligting te dien. Dit bevat inligting oor die US-inentingsterrein, sowel as skakels na die nasionale Elektroniese Inentingsdatastelsel, die US se inentingsregistrasieportaal en verskeie inentingsterreine. Die blad is baie goed ontvang: Die Engelse weergawe is sedert aanvang al meer as 21 000 keer besigtig, en die Afrikaanse blad 1 979 keer.
- **Gereelde vrae:** Die inentingsblad sluit ook ’n lys gereelde vrae en antwoorde in om betroubare inligting oor die entstof te voorsien en onwaarhede aan die kaak te stel. Die vrae en antwoorde word in die weeklikse personeelnuusbrief sowel as op die US se sosialemediaplatforms geplaas, en word bygewerk namate nuwe inligting beskikbaar raak.
- **Sosiale media:** Plasings op die US se sosialemediaplatforms oor inentingsregistrasie, die US se eie inentingsterrein sowel as ander terreine het goeie deelname tot gevolg.
- **Selfieraam:** ’n Digitale selfieraam is ontwikkel waarmee Facebookgebruikers hul ondersteuning vir inenting kan toon. Kort video’s van studente wat hulle portuur aanmoedig om die inenting te kry, is ook op sosiale media gelaai.
- **Nuusartikels:** Verskeie artikels oor inenting en COVID-19 het ook in die verslagtydperk op ons korporatiewe webtuiste verskyn, waaronder die volgende:
    - US Raad magtig dringende ontwikkeling van inentingsreël
    - #Inenting: Baan ’n weg deur wantroue en valse berigte
    - US verwelkom grensverskuiwende entstofinisiatief
    - Klassifiseer jou hoes: Hou dit met COVID-19 verband of nie?

- [Moeg van COVID-19-variante? Jy kan hulle keer]
    - Universiteit Stellenbosch-inentingsverklaring
    - Akademiese biblioteke help om COVID-19-verwante fopnuus te fnuik
    - SA gesondheidskenners het 'n nuwe afstamming van SARS-CoV-2 ontdek
    - Wetenskaplikes ontrafel die COVID-19-pandemie
- **Plakkate:** Plakkate wat inenting aanmoedig, is teen lamppale op die vernaamste wandelroetes op ons kampusse aangebring. Die plakkate is ook onder koshuise versprei en in verskeie geboue op digitale skerms geprojekteer.
- **Podsendings:** Podsendings met toonaangewende US-kenners is opgeneem en deur middel van die US se sosialemediaplatforms en nuusbriewe versprei. Die gesprekke het onder meer gehandel oor:
    - deelname aan die US se inentingsveldtog;
    - die beswering van vrese oor die COVID-19-entstowwe; en
    - hoe om "lang COVID" in die werkplek te hanteer.
- **E-posbanierstrook:** Die banierstrook wat outomaties alle e-pos vanaf sun.ac.za-adresse vergesel, is bygewerk om inenting te help bevorder. Dit klik deur na die COVID-19-inentingsblad op ons webtuiste.

**COVID-19: Choose vaccination | Khetha ugonyo | Kies inenting**
forward together | sonke siya phambili | saam vorentoe

## 1.5 US maak opgang op internasionale universiteitsranglyste

Volgens die Times Higher Education-wêrelduniversiteitsranglys van 2022 (THE WUR) is die US tans tweede in Afrika. Ons deel dié plek met die Universiteit van die Witwatersrand (Wits).




Die Universiteit van Kaapstad (UK) is die topuniversiteit in Afrika en beklee (saam met die Universiteit van Notre Dame, Verenigde State) die 183ste plek op die wêreldranglys. Die US en Wits is albei in die kategorie 251-300 op die wêreldlys, en die Universiteit van Johannesburg (UJ) in die kategorie 601-800 (*sien figuur links*). Die THE WUR van 2022 sluit meer as 1 600 universiteite uit 99 lande in.

Daarbenewens is die US in die algehele 24ste plek op die THE-ranglys vir ontluikende ekonomieë van 2022. Dít is 'n merkwaardige prestasie as 'n mens in ag neem dat 'n rekordgetal universiteite (698 uit 50 lande en streke, 15% meer as verlede jaar se 606) vir die 2022-ranglys in aanmerking gekom het.

## 1.6 US beste SA universiteit vir Rekenaarwetenskapstudie

Die US is onder die voorste 500 universiteite ter wêreld vir Rekenaarwetenskapstudie, en die beste in Suid-Afrika. Dít aldus die THE-wêrelduniversiteitsvakranglys vir Rekenaarwetenskap van 2022.

Ons is in die 491ste plek. 'n Verdere vyf SA-universiteite het die lys gehaal: die Universiteit van Kaapstad op 519, die Universiteit van Pretoria op 574, die Universiteit van KwaZulu-Natal op 689, die Universiteit van die Witwatersrand op 792, en Tshwane Universiteit vir Tegnologie op 887. Klik hier vir verdere inligting.

## 1.7 US Taaldag

Die US Taalsentrum het op 30 September ’n Taaldag met die klem op meertaligheid aangebied. Die tema was “Taal, leer, leef! Die implementering van meertaligheid by die US in akademiese en sosiale ruimtes”. Taaldag het nie oor die Taalbeleid self gehandel nie, maar eerder oor hoe ons taal op ’n daaglikse grondslag by die US benader.

Korporatiewe Kommunikasie en Bemarking het die Taalsentrum se kommunikasie-aktiwiteite ondersteun om bewustheid van die geleentheid te skep. Die volgende items is uitgereik:

- **Artikels**: ’n Aantal artikels oor meertaligheidsinisiatiewe is op die US-webtuiste, in die digitale nuusbrief en op ons sosialemediaplatforms geplaas. Dit het die volgende ingesluit:
    - Universiteite moet saamwerk om meertaligheid te versterk
    - Ultramoderne US-laboratorium bestudeer die wetenskap agter meertaligheid
    - Internasionale Vertaaldag: Vertaling verbind mense uit verskillende taalagtergronde
    - Hulpbronmateriaal in isiXhosa vir voornemende studente
    - ‘Oorlewingstaalkursusse’ kweek individuele meertaligheid
    - Meertaligheid help smee nuwe bande
    - Intydse aanlyn tolking lei tot inklusiewe en betrokke leer
    - Om ’n nuwe taal te leer bring mense uit verskillende kulture byeen
- **Podsendings:** Podsendings oor die belang van meertaligheid in die algemeen, en van meertaligheid in die hoëronderwyssektor in die besonder, is opgeneem en versprei. Dit het onder meer gehandel oor:
    - meertalige onderwys;
    - die meertalige reis; en
    - die meertalige ingesteldheid.
- **Meningsartikels:** Twee meningsartikels deur US-kenners oor hoe vertaling mense uit verskillende taalomgewings help verbind, het in die media verskyn. Vir meer inligting, raadpleeg die bylaag by hierdie verslag.

## 1.8 Strategiese Fonds

Altesaam R50 miljoen was in 2021 beskikbaar vir toekenning aan nuwe Strategiese Fondsprojekte. Ál dié projekte pas in by die US se ses kern strategiese temas in ons *Visie 2040 en Strategiese Raamwerk 2019–2024*. Alle finansieringsaansoeke is deur ’n paneel van drie verteenwoordigers uit die fakulteite en drie uit die PASD-omgewings (professionele en administratiewe steundienste) beoordeel. ’n Onafhanklike internasionale paneel het die aansoek in kategorie B geëvalueer.

Die Strategiese Fondskomitee het op 17 Junie, 14 September en 10 November 2021 vergader. Ná oorweging van die aansoeke en die graderingspanele se terugvoer het die komitee finansiering aan 11 nuwe projekte toegestaan. Die volgende tabel toon die beskikbare finansiering, die getal aansoeke wat ontvang is, en die getal wat goedgekeur is, alles volgens finansieringskategorie:

| Strategiese Fondskategorie | Beskikbaar vir 2021 | Getal aansoeke | |
|---|---|---|---|
| | | Ontvang | Goedgekeur |
| **Kategorie A** (Strategiese inisiatiewe) | R25 miljoen | 16 | 7 |
| **Kategorie B** (Strategiese uitstygprojekte) | R10 miljoen | 1 | 1 |
| **Kategorie C** (subkategorieë C.1.1 en C.1.2) (Strategiese aanstellings) | R15 miljoen | 13 | 3 |

## 1.9 US-handelsmerke

Die US se Beleid insake die Gebruik en Lisensiëring van Handelsmerke van die Universiteit Stellenbosch rig en beheer die benadering tot die US se handelsmerke, as waardevolle institusionele bates. Die beleid moet elke vyf jaar hersien word. Die eerste weergawe is in Oktober 2016 geïmplementeer. Die Handelsmerkkantoor in Innovus hersien tans die dokument, en die plan is dat die Raad dit in Junie 2022 sal oorweeg.

Daarbenewens bevat die landingsblad van die Innovus-webtuiste nou ’n spesifieke skakel vir handelsmerke, waar tersaaklike inligting binnekort te kry sal wees.

## 1.10 Saam skep ons ’n nuwe US-handelsmerk

Sedert die Raad die US se nuwe handelsmerkidentiteit in April goedgekeur het, en dit daarna aan alle interne belanghebbendes en alumni onthul is, is ’n volledige projekimplementeringsplan opgestel. Die Universiteit het duisende handelsmerkbates, en dus is dit noodsaaklik om te prioritiseer en die nuwe handelsmerkidentiteit in fases in werking te stel.

Om te sorg dat alle personeel en studente oor die nodige gereedskap en template beskik om die nuwe handelsmerk te begin gebruik, word die handelsmerkhandleiding en -template (briefhoofde, aanbiedings, ensovoorts) tans afgehandel. Die eerste implementeringsfase skop in Januarie 2022 af.

Die handelsmerkprojek het in die verslagtydperk ook verskeie ander uitkomste opgelewer:

- Die Rektoraat het ’n nuwe, eenvormige handelsmerkargitektuur goedgekeur. Die nuwe argitektuur sluit ál ons uiteenlopende US-omgewings in op ’n samehangende, kommunikeerbare manier, en verseker dat ons harmonies onder een handelsmerk bestaan, en ons terselfdertyd duidelik van ander rolspelers in die mark onderskei.
- Die Raad het op 27 September sy verbintenis tot ’n eenvormige handelsmerk vir die Universiteit bevestig deur die aanbeveling van sy Uitvoerende Komitee te bekragtig om die huidige wapenskild met ’n seremoniële weergawe van die nuwe logo te vervang. ’n Voorgestelde ontwerp sal vir oorweging en goedkeuring by die Raadsvergadering van April 2022 ter tafel gelê word.
- Die Afdeling Korporatiewe Kommunikasie en Bemarking het in Oktober met ’n skakelingsproses met entiteite deur die hele instelling begin om vir die beplande implementering van die nuwe handelsmerkidentiteit voor te berei. Hierdie sessies handel oor die besonderhede van die handelsmerkposisioneringstrategie en handelsmerkidentiteit, die fynere punte van die samehangende handelsmerkargitektuur en visuele identiteite, en die inwerkingstelling- en implementeringsplan.
- Die US se nuwe handelsmerkidentiteit het in die week van 1 tot 7 Oktober sy televisiedebuut gemaak in ’n advertensie op die DStv-opwipkanaal vir die Toyota US Woordfees. Die kans om ons nuwe handelsmerkidentiteit in Suid-Afrika se heel eerste televisiegebaseerde kunstefees ten toon te stel was die ideale geleentheid om ons belanghebbendes en die algemene publiek van ons historiese handelsmerkvernuwing te vertel. Die nuwe handelsmerkidentiteit het ook in ’n koerantadvertensie verskyn.
- Daarbenewens het Korporatiewe Kommunikasie en Bemarking drie insetsels vir die Woordfees-opwipkanaal vervaardig waarin die nuwe logo ook te sien was. Dit was *Die storie van Pinotage*, *Aanhouer wen* en *Inheemse hout speel eerste viool.*

## 1.11 Strategie, Globale en Korporatiewe Sake

Die verantwoordelikheidsentrum (VS) Strategie en Internasionalisering staan nou as Strategie, Globale en Korporatiewe Sake bekend. Die Rektoraat het die nuwe naam onlangs goedgekeur.

Toe Strategie en Internasionalisering in Augustus 2016 geskep is, was daar twee duidelike fokusgebiede. Die eerste was om oorhoofse strategiese ontwikkeling, implementering, monitering en evaluering vir die Universiteit in die geheel te ondersteun, en terselfdertyd te sorg dat die verskillende VS'e, fakulteite, entiteite sowel as PASD-omgewings strategies met mekaar strook. Die tweede was om strategiese leiding te bied vir internasionalisering by die US. Hierdie twee spesifieke gebiede is gevolglik in die VS-naam vasgevang.

Sedert die afdelings Inligtingsoorsigbestuur sowel as Korporatiewe Kommunikasie en Bemarking egter onderskeidelik in 2017 en 2019 by die VS ingesluit is, het daar 'n behoefte ontstaan aan 'n nuwe naam om die volle omvang van die geïntegreerde werksaamhede van hierdie verantwoordelikheidsentrum te weerspieël. Die nuwe naam – Strategie, Globale en Korporatiewe Sake – verwys nie net na die funksionele eenhede waaruit die VS bestaan nie, maar vang ook die VS se volle waardeaanbod vas en bring die US in pas met huidige wêreldwye praktyk.

## 1.12 Stelselvernuwing

### SUNFin

Ná 'n uitgebreide **herbeplanningsoefening** het die Rektoraat op 28 September die SUNFin-beheerkomitee se hersiene projekbenadering, -tydlyn en -begroting vir die US se nuwe finansiesstelsel goedgekeur. Die **nuwe aktiveringsdatum vir SUNFin is Junie 2023**.

Die SUNFin-span het goeie vordering gemaak in die bedryfswerkstroom, en die debiteure- en bestedingsfunksies is goedgekeur. Werk aan krediteure, begrotingsbeheer, kontantbestuur, voorraad en die Planon-integrasie duur voort. Die span is terselfdertyd besig om:

- alle vereiste integrasies te bou;
- vir opleiding voor te berei;
- ou data te suiwer sodat dit makliker is om te onttrek, te omskep en op Oracle Cloud Financials (OCF) in te voer; en
- te bepaal wat die beste manier sal wees om die oorskakeling van die ou stelsels na OCF te toets.

Daarbenewens het die projekspan bepaalde veranderinge ondergaan. Noudat die hersiene projekbenadering goedgekeur en die geïdentifiseerde poste gevul is, is die span beter daartoe in staat om die projekdoelwitte te bereik.

### SUNStudent

Die SUNStudent-projek fokus die afgelope paar maande daarop om institusionele prioriteite te ondersteun, veral die verwerking van voor- en nagraadse aansoeke en toelatings.

Die getal voorgraadse aansoeke het verwagtinge verreweg oortref (net meer as 55 000 aansoeke is ontvang, vergeleke met die gewone 22 000–24 000, en net oor die 102 000 programme is gekies). Dít plaas bykomende druk op die sentrale Aansoekkantoor en fakulteite om aansoeke na te gaan en te verwerk. Die aanvanklike sluitingsdatum vir die aanvaarding van programaanbiedinge is van 30 September tot 15 Oktober uitgestel sodat meer aanbiedinge aan aansoekers gestuur kon word, en om aansoekers meer tyd te gun om aanbiedinge te ontvang en te aanvaar/van die hand te wys. Altesaam 9 490 programaanbiedinge is teen 19 Oktober aanvaar.

Die voorgraadse toelatingsproses sal tot net voor registrasie in 2022 voortduur. Fakulteite sal aanhou om aansoekers se aanvaardingstatus te moniteer en diegene op waglyste van aanbiedinge te voorsien. Dít is ook van toepassing op nagraadse aansoeke, wat ander sluitingsdatums het.

Die korttermynfokus tot en met die einde van 2021 is om te sorg dat finale programaanbiedinge aan aansoekers dadelik uitgereik en aanvaar kan word sodra die matriekuitslae in die tweede helfte van Januarie 2022 beskikbaar kom. Ander projekaktiwiteite vir Oktober 2021 tot Maart 2022 sluit in:

- die prioritisering van bykomende aansoek- en toelatingsfunksies;
- die konfigurasie van aansoeke en toelatings vir die US Bestuurskool;
- die konfigurasie van die kurrikulumstelsel vir registrasie; en
- om eenstemmigheid te bereik oor die ent-tot-entprosesse vir kortkursusse.

Die implementeringsplan vir die res van die SUNStudent-funksies in 2022 is goedgekeur. Die plan is om alle oorblywende funksies **teen die einde van 2022** gereed te hê vir aktivering. Die funksies sal dan **geleidelik in 2023 in werking** gestel word op grond van die studenteadministrasiesiklus.

Die projekspan was by die skryf van hierdie verslag van plan om teen die middel van November 2021 ’n aanlyn inligtingsessie te hou sodat interne rolspelers meer inligting oor die proses kan bekom.

### SUNSet

Die IT-integrasiespanne het gedurende die herbeplanningsoefening vir sowel SUNFin as SUNStudent heelwat moeite gedoen om die gekompliseerde tegniese oorskakeling van die ou Natural-Adabas-toepassings na die nuwe SUNStudent Academia- en SUNFin OCF-stelsels te verstaan.

SUNSet is die projekkodenaam vir die staking van oorblywende Natural-Adabas-toepassings wat nié outomaties deur SUNFin en SUNStudent vervang of afgeskaf sal word nie. Dít was altyd deel van die plan, maar weens die vertragings met SUNFin en SUNStudent is SUNSet ongelukkig ook vertraag.


In wese is SUNSet dus ’n projek om bedryfsbesluitneming en die ontwerp en keuse van oplossings te bestuur sodat die oorblywende ou toepassings so gou moontlik ná die aktivering van die nuwe stelsels opgeskort kan word. Om ál die toepassings in SUNSet te hanteer, moet Finansies egter die SUNSet-bedryfsmodel en -bedryfsprosesbesluite afhandel.

## 1.13 Risikobestuur en sekuriteit

Die US-risikobestuursprogram het stelselmatig ontwikkel, en is nou behoorlik in strategiese bestuursprosesse vasgelê.

Deur dié program identifiseer bestuurders risiko’s vroegtydig, onderneem gepaste risikobeoordelings en doen dan die nodige stappe om blootstelling tot draaglike vlakke te beperk. Die geïdentifiseerde risiko’s in alle verantwoordelikheidsentrums is die afgelope aantal jaar vernuftig deur die hele proses bestuur, vandat dit geïdentifiseer is totdat dit uiteindelik uit die risikoregister geskrap kon word.

Party risiko’s is egter permanent. Dít sluit in brande, fasiliteitsinstandhouding, kubersekuriteit, sosialemedia-impak en middelmisbruik. Aangemelde misdaadvoorvalle bly ook ’n probleem, maar het die afgelope paar jaar aansienlik afgeneem. Hierdie grafiek toon die langtermyntendens in misdaadvoorvalle wat sedert 2005 by Kampussekuriteit aangemeld is.




Aangesien 2021 nog nie verby is nie, is daar nog ’n moontlikheid dat die US die jaar met meer misdaadvoorvalle as in 2020 kan afsluit. COVID-19 en die gepaardgaande aandklokreël het ’n positiewe invloed gehad. Nogtans behoort ’n mens te verwag dat die geleidelike opening van die ekonomie met meer misdaad op en om die kampus kan gepaardgaan.

Kampussekuriteit het van Januarie tot die middel van September 2021 meer as 2 100 vroeëwaarskuwingsalarms by die US se sekuriteitstelsel bygevoeg. Die opgeknapte stelsel is nou aan die kringtelevisiesagteware gekoppel, en voorsien ’n opwipskerm met beeldmateriaal van enige kamera naby ’n geaktiveerde alarmsensor. Die doeltreffende vennootskap tussen Kampussekuriteit, Eiendomsdienste, IT en die alarmstelseldiensverskaffer het die funksionaliteit en doeltreffendheid van die US se alarm- en kringtelevisiestelsels aansienlik verbeter.

## 1.14 Kampusvernuwing

**Biomediese Navorsingsinstituut**

Die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe het toestemming verleen vir die vroeë oorhandiging van ’n gedeelte van verdiepings 2 en 3 van die Biomediese Navorsingsinstituut (BMNI) se suidelike gebou (fase 3) sodat aanvoorwerk kon begin. Dít sluit in asbesverwydering, geringe sloping en venstervervanging.

Die aanvoorwerk het in Julie 2021 begin en gedurende die verslagtydperk fluks gevorder. Die vroeë aanvang van fase 3 behoort te lei tot projekvoltooiing op die gestelde tyd, teen die einde van 2022. Werk aan verdieping 4 het ook begin.

**US Biblioteek-opknapping**

Weens die wisselende COVID-19-vlakke sedert die aanvang van hierdie projek is werk ietwat vertraag. Aangesien hoogstens 250 mense (sowel Biblioteekpersoneel as konstruksiewerkers) in enige bepaalde stadium in die gebou mag wees, is toegang ook ’n uitdaging.

Nietemin is die personeel- en studentetoiletgeriewe klaar, en die proses om foute op te spoor en uit te stryk het begin. Die personeelwerkruimte en studente-uitleenarea is 90% klaar, en studente se studie- en werkruimtes is 80% voltooi. Die nuwe lokaleareanetwerk- (LAN-)kamers is ook klaar. IT-kabels sal gelê word sodra die kabellaaie geïnstalleer is.

**Nuwe meerdoelige Welgevallen-sportveld**

’n Gedeelte van die Welgevallenplaas sal ingevolge ’n ondertekende ooreenkoms tussen die US en Paul Roos Gimnasium in ’n krieket- en rugbyveld omskep word, wat Maties Sport sal bestuur. Die kontrak is op 1 September toegeken. Die terrein word tans skoongemaak en opgemeet. Die projek sal na verwagting teen die middel van Februarie 2022 klaar wees.

**Herbouing van Polimeerwetenskap-laboratorium**

’n Wetenskaplaboratorium op die grondverdieping van die Polimeerwetenskapgebou het in Februarie 2021 erge brandskade opgedoen. ’n Projek is gevolglik geregistreer om die laboratorium, diensinfrastruktuur en geaffekteerde areas in die kortste moontlike tyd ten volle te herstel. Die projek is op 3 September voltooi.

**Siviele Ingenieurswese-vernuwing**

Hierdie projek sluit ’n volledige opknapping van verdiepings 1 tot 4 van die bestaande Siviele Ingenieurswese-gebou in, en sal na verwagting teen November 2022 klaar wees. Dit sal die Fakulteit Ingenieurswese bykomende lesingruimte en groeipotensiaal bied.


**IT-infrastruktuur vir Ingenieurswese**

Dié projek is noodsaaklik om Ingenieurswese se onderrig- en bedryfsvermoë te handhaaf en uit te brei. Die infrastruktuur sal ál die Fakulteit se geboue met mekaar verbind. Die projek, wat 85 toegangsgate en byna 10 km se kabelwerk behels, het in Februarie 2021 ’n aanvang geneem. Teen die middel van September was alle bouwerk klaar en alle veselaansluitings en -roetes geïnstalleer. Alle dataroetes sal geaktiveer word sodra toetse afgehandel is.

## 1.15 Bestuur van strategiese infrastruktuurbates

Infrastruktuurprojekte wat in die verslagtydperk begin het of voltooi is, sluit die volgende in:

- Werk aan die mediumspanning-mikronetwerksubstasie op die hoek van Hammanshandweg en Joubertstraat is aan die gang. Dit sal voorsiening maak vir die eerstefasekonsolidasie van die ses munisipale toevoerpunte vanaf die Lettere en Sosiale Wetenskappe-, Neelsie-, CGW Schumann-, JC Smuts-, Fasiliteitsbestuur- en Ingenieurswesekomplekse. Die projek behoort teen 2022 klaar te wees.
- Die nuwe verhitting-, ventilasie- en lugversorgings- ("HVAC"-)gebiedsaanleg by Ingenieurswese sal aansienlike verlagings in HVAC-energieverbruik, -koste en -koolstofvrystellings tot gevolg hê.
- ’n Nuwe boorgatprojek op die plaas Mariendahl is voltooi. Dit sal die hele plaas van drinkwater voorsien, wat die Universiteit meer bekostigbare watersekerheid bied.
- Die alarmvervangingsprogram by die koshuise Concordia, Harmonie en Lobelia sowel as die CGW Schumann- en JS Marais-geboue is klaar. Hierdie opknapping het risikomonitering en -bestuur by hierdie geboue aansienlik verbeter.
- Pale met kragpunte om rekenaars en selfone te laai word tans op Stellenboschkampus geïnstalleer (***sien langsaan***), en ’n volgende lot sal nog voor die einde van die jaar volg. Dít is om voorsiening te maak vir die behoeftes van studente wat al hoe meer buite studeer om die risiko van COVID-19-oordrag te verlaag.



## 1.16 Nutsdiensbestuur

’n Gerekenariseerde stelsel moniteer, meet en bied paneelbordvoorstellings van alle nutsdiensverbruik (elektrisiteit, water en afval) op die US-kampus.

Een van die hoofdoelwitte van ’n gerekenariseerde nutsdiensbestuurstelsel is om verbruikskoste en koolstof- (kweekhuisgas-)vrystellings te verminder. Die stelsel stel nutsdiensspanne in staat om data te ontleed, toekomstige verbruik te voorspel en masjienstellings aan te pas om skerp stygings in elektrisiteitsvraag te voorkom.

Verbruik was in 2021 byna terug na normaal namate die instelling na soortgelyke bedryfsvlakke as in 2019, voor die pandemie, teruggekeer het.

## 1.17 Transformasie-inisiatiewe

Opknappings aan die **Ou Lückhoff-skoolgebou** het in September begin. Hierdie eerste fase van die restourasie fokus op die klam binnemure van die gebou. Die mure, waarin 100 jaar se geskiedenis opgesluit lê, is behandel en oorgeverf om die volhoubaarheid van die gebou te verseker én as ’n simboliese gebaar om verhoudings tussen die Universiteit en sy omliggende gemeenskappe te herstel.

Die jaarlikse publikasie ***Sosiale Impak by die Universiteit Stellenbosch*** is in Engels, Afrikaans en vir die eerste keer ook in Xhosa uitgegee.

Die sosiale-impakkennisplatform word gereeld bygewerk om relevant te bly en die sosiale-impakwerk van die instelling te weerspieël. Dit ontvang ook steeds versoeke vir die registrasie van sosiale-impakinisiatiewe. ’n Aanbieding is by die Algemene Bestuurdersvergadering gedoen.

Die **Transformasieleernetwerk** is ’n reeks aanlyn gespreksgeleenthede vir US-personeel wat met transformasie gemoeid is. Die inligtingsessies het in Augustus begin en tot in September voortgeduur. Die doel is om leer- en groeigeleenthede te voorsien.

Die US Transformasiekantoor het die derde aflewering in die **gesamentlike seminaarreeks** van die Transformasiebestuurdersforum en die *International Journal for Critical Diversity Studies* (IJCDS) aangebied. Voorleggings, wat oor die ontwikkeling van ’n kritiese transformasiepraktyk in Suid-Afrikaanse hoër onderwys gehandel het, sal in die IJCDS gepubliseer word.

Die rigtinggewende raamwerk vir die vestiging en funksionering van **fakulteitstransformasiekomitees** is voltooi, en wag nou op goedkeuring deur die Institusionele Transformasiekomitee. Dieselfde raamwerk sal vir die vestiging van transformasiekomitees in die verantwoordelikheidsentrums oorweeg word.

’n Verwysingsgroep vir die ontwikkeling van ’n **monitering-en-evaluerings- (M&E-)raamwerk** is op die been gebring. Die groep het die eerste keer op 29 Oktober ontmoet om hul opdrag te bespreek, en sal een maal per kwartaal byeenkom.

Weeklikse gesprekke oor diversiteit en transformasie word steeds as deel van die **MFM-program *Siyakhula Live*** uitgesaai. Die doel is om ’n kultuur van diversiteit by die US en in die algemene Matiesgemeenskap te ontwikkel. Gesprekke in die verslagtydperk het gehandel oor MIV/vigs-bewustheid, -voorkoming, -steun en -bestuur op kampus, die verhaal van Dulcie September, en ’n onderhoud met die pas verkose Studenteraadsvoorsitter, Viwe Kobokana.

Die **Siyakhula-werksessiereeks** in September het oor dekoloniale gesprekke gehandel, terwyl die Oktober-reeks bemiddeling, konflikbeslegting en werkplekboeliery bespreek het.

’n Werksessie oor **US-waardes** het deelnemers ’n geleentheid gebied om vertroud te raak met die Universiteit se waarderaamwerk, en te verstaan wat met waardegegronde leierskap bedoel word.

Laastens is die **US Transformasie-indaba** op 21 Oktober aangebied. Die geleentheid het onder andere ondersoek ingestel na die rol van fakulteite en verantwoordelikheidsentrums om transformasie te bevorder.

## 1.18 Jaarlikse sosiale-impaksimposium

Die Afdeling Sosiale Impak het op 2 September 2021 sy jaarlikse simposium aangebied. Meer as 140 afgevaardigdes het ingeskakel vir die aanlyn geleentheid, wat oor die tema van kruissektorale vennootskappe vir langtermyn- sosiale impak gehandel het. Verdere inligting oor die simposiumvoorleggings en -uitkomste is in hierdie artikel te kry.

## 1.19 Matie Gemeenskapsdiens in Afdeling Sosiale Impak opgeneem

Die werksaamhede, kernbedrywighede en fokusgebiede van Matie Gemeenskapsdiens sal as ’n strategiese portefeulje in die Afdeling Sosiale Impak opgeneem word. Dit sal:

- die US in staat te stel om ’n selfs groter rol in omliggende gemeenskappe te vervul en sodoende betrokke burgerskap vir studente sowel as gemeenskapsvennote in die hand te werk;
- opleiding en vennootskapsvorming in omliggende gemeenskappe bevorder ten einde transformasie te bewerkstellig; en
- ’n sterker band vorm tussen die verskillende portefeuljes van die Afdeling Sosiale Impak, waaronder die portefeulje vir betrokke burgerskap, navorsing, die sosiale-impakkennisplatform, kommunikasie en bemarking, en ander vennootskappe.

## 1.20 Beste praktyk in institusionele oorsigbestuur, voldoening en risikobestuur

Die **Voldoeningskantoor** staan die Sosiale en Besigheidsetiekkomitee van die Raad by met ’n beleidslandskapontleding na aanleiding van ’n verslag oor die status van die US se beleide. In ’n opname van alle US-webtuistes waarop oorsigbestuurs- en ander dokumente verskyn, is 348 dokumente gevind wat as beleide, reglemente, regulasies, ens. aangedui word. In die aanvanklike fase van die ontleding is verouderde dokumente geïdentifiseer. Nou sal die status van dokumente nagegaan en bygehou word, bv. dat beleidshersienings of veranderinge in dokumentoorsigbestuur of -eienaarskap benodig word.

Die **Afdeling Regsdienste** het spesialissteun verleen met die hersiening van die US Taalbeleid. Boonop het hulle Inligtingsbestuur bygestaan met die vele Taalbeleidsverwante versoeke wat ingevolge die Wet op Bevordering van Toegang tot Inligting (PAIA) ontvang is.

**Studente-inligtingstelselondersteuning** het met die **Sentrum vir Oorsigfunksieondersteuning** saamgewerk om vlot en ordelike **institusionele verkiesings** te verseker. Dít het ingesluit die verkiesing van Konvokasieverteenwoordigers in die Raad en die Institusionele Forum (IF), Senaatsverteenwoordigers in die Raad, en verskeie komitees.

Laastens het die Sentrum vir Oorsigfunksieondersteuning **die jaarprogram vir 2022 aangepas** ná die Departement van Basiese Onderwys se aankondiging dat die graad 12-uitslae eers op 21 Januarie 2022 beskikbaar sal wees. Die Uitvoerende Komitee van die Senaat het die gewysigde program goedgekeur. Die nuwe kwartaal- en eksamendatums is op die US-webtuiste te kry.

## 1.21 Institusionele komitees

Die **Institusionele Sekretariaat** verleen nou ook sekretariële steun aan die Komitee vir die Naamgewing van Geboue, Lokale en ander Fasiliteite/Persele, die Eregradekomitee en die Komitee insake Beurse en Lenings.

Die prosedurereëls vir Rektoraatsvergaderings en die Algemene Bestuurdersvergadering is gewysig om te sorg dat dit met die US Statuut strook. Die Rektoraat het hierdie reëls op 19 Oktober goedgekeur. Boonop het die Akademiese Beplanningskomitee op 20 Oktober ’n hersiene weergawe van die reglement van die Komitee insake Beurse en Lenings goedgekeur om die doeltreffende funksionering van dié komitee te verseker.

**Institusionele komiteevergaderings** vind nou in een van drie vorme plaas: **fisies**, met alle deelnemers in dieselfde ruimte; **ten volle aanlyn**; of **hibridies**, wat die fisiese en aanlyn vorme kombineer. Hibridiese vergaderings word gehou sodat kernrolspelers wat nie fisies kan bywoon nie, steeds kan deelneem.

Hierdie verandering in die formaat van komiteevergaderings het ook ’n verandering teweeggebring in die rol van komiteebeamptes en ander persone wat komitees bystaan. Gevolglik bied die Institusionele Sekretariaat nou op aanvraag **opleiding aan US-komiteeondersteuningspersoneel**.

## 1.22 Nuwe webblad vir Inligtingsoorsigbestuur

Die Afdeling Inligtingsoorsigbestuur het ’n nuwe, interaktiewe webblad met skakels na al hul dienste, statistiese profiele en privaatheidsimpak-instrumente. Hoewel toegang tot geklassifiseerde data beperk kan wees, het webgebruikers toegang tot alle ander openbare statistiese data. ’n PDF-opsomming van Inligtingsoorsigbestuur se portefeulje, met skakels na webblaaie en kontakbesonderhede, kan hier bekom word.

## 1.23 PAIA en POPIA

Die nasionale verantwoordelikheid vir die Wet op Bevordering van Toegang tot Inligting (PAIA) het op 1 Julie 2021 van die Suid-Afrikaanse Menseregtekommissie na die Inligtingsreguleerder verskuif.

Ons Afdeling Inligtingsoorsigbestuur (IOB) het die US se PAIA-verwante dokumente begin hersien om te sorg dat ons aan veranderinge in die PAIA-landskap voldoen. Hierdie hersiening stel die US ook in staat om te besin oor die skerp styging in die getal versoeke wat sedert Maart 2021 ingevolge PAIA ontvang is, en die toenemende kompleksiteit en omvang daarvan. Die hantering van hierdie versoeke het 'n beduidende impak op die Universiteit se werksaamhede en neem heelwat tyd en hupbronne in beslag. 'n Hele aantal lesse is hieruit geleer. So byvoorbeeld is 'n konsepstandaardbedryfsprosedure opgestel wat verantwoordelikhede en aanspreeklikheid vir die hantering van PAIA-versoeke uiteensit, waaronder formele stappe om te sorg dat betrokkenes by die proses deurgaans op hoogte van sake bly.

Nóg PAIA nóg die Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting (POPIA) bestaan egter in afsondering. Die suksesvolle implementering van albei wette maak staat op die doeltreffendheid van ander kerngebiede by ons instelling, waaronder inligting- en kubersekuriteit, rekordbestuur, navorsingsdatabestuur, navorsingsetiek, en selfs hoe ons aansoekvorms ontwerp word.

Om ons beleidslandskap in dié verband te help versterk, het IOB dus 'n stel kernbeleide-, -reglemente, -riglyne en -prosedures begin saamstel. Dít sluit in 'n reglement oor rentmeesterskap vir inligting, 'n reglement oor die klassifisering van inligting, sowel as universele steunmateriaal, waaronder 'n institusionele woordelys.

## 1.24 Fakulteit Regsgeleerdheid vier 100 jaar

Ons Fakulteit Regsgeleerdheid het in September hul eeufees gevier met 'n spesiale reünienaweek. Daar was 'n verskeidenheid aktiwiteite om met alumni te skakel en hulle te wys hoe baie ons hulle waardeer. Die Fakulteit is in 1921 gestig, en is steeds die intellektuele tuiste van menige regter, advokaat, prokureur, grootnyweraar, sakeleier, politikus en akademikus. Kry verdere inligting hier.

## 1.25 US in die nuus

(Alle items in blou en rooi hieronder bevat hiperskakels; klik gerus daarop om toegang te verkry.)

Die US het in die verslagtydperk sy goeie mediavertoning voortgesit. Die instelling het vir sowel Augustus as September **die meeste algemene nuusbrokkies** van alle Suid-Afrikaanse universiteite opgelewer, aldus die datastel van die mediamoniteringsagentskap PEAR. In die subkategorie "**Navorsing en innovasie**" het die US ook vir albei maande die meeste dekking ontvang.

Ten opsigte van **fakulteitsverwante** dekking was Ekonomiese en Bestuurswetenskappe vir Augustus én September steeds aan die voorpunt wat algehele volume betref, hoewel Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe ook goed presteer het.

Ons kenners het voortgegaan om die media van waardevolle inhoud en kommentaar oor **COVID-19** te voorsien, en het sodoende die Universiteit se reputasie as 'n innoverende en maatskaplik verantwoordelike instelling verder verstewig.

Onder verskeie **institusionele aangeleenthede** wat in die verslagtydperk in die nuus was, was die volgende:

- US Raad magtig dringende ontwikkeling van inentingsreël (Die Burger, Eikestadnuus, Cape Argus, News24)
- US verwelkom grensverskuiwende entstofinisiatief (Die Burger, News24, Business Live)
- US-akademici ontvang gesogte letterkundepryse (Volksblad, Beeld, Die Burger)
- Akademiese biblioteke help om COVID-19-verwante fopnuus te fnuik (The Star, Eikestadnuus)
- US-dosent se fotoverhaal help in die stryd teen diabetes (Cape Argus, Die Burger, Times Live)
- Universiteit Stellenbosch verbeter posisie op wêreldranglys (Die Burger, Beeld, Eikestadnuus, Politicsweb)

Die Universiteit se **mediaverklarings** bly ’n groot bron van publisiteit vir die instelling. Van die vernaamste verklarings die afgelope paar maande sluit die volgende in:

- Voedseletikette: ‘Maak gesonde keuses die maklike keuse,’ vra navorsers (eNCA, Radio 702)
- Dr Erna Blancquaert ontvang beurs om Wynmeester te word (Cape Times, Die Burger, SABC3, RSG)
- SA kort meer nierkundiges (Volksblad, Times Live, News24)
- Mynmaatskappye bewys lippediens aan volhoubaarheid (Green Building Africa)
- Eerste bewyse van inflammatoriese mikrobloedstolsels by individue wat ly aan lang-COVID (Cape Times, The Mercury, The Star, Volksblad, Die Burger, eNCA, Radio 702, Cape Talk)
- Tuberkulose steeds ’n dringende prioriteit in die tyd van COVID-19 (The Star, Pretoria News)
- Stellenbosch-dokter lei deurbraak-navorsing om pre-eklampsie, ’n dodelike swangerskap-komplikasie, te beveg (Die Burger, IOL)
- Mikrobiese plantbioprosessering – wat kan ons by die koei leer? (Nufarmer Africa, Food & Beverage Reporter, Farmer’s Weekly)
- Bendes buit jongmeisies se kwesbaarheid uit om hulle te lok (Die Burger, Weekend Argus, Mail & Guardian)

**Die US se Taalbeleid** en die hersiening daarvan was steeds ’n gewilde onderwerp in die media, en die Mediakantoor het op ’n aansienlike hoeveelheid medianavrae oor taal gereageer. My artikel “Regte gesprek oor taal” het op Saterdag 9 Oktober in *Die Burger* verskyn.

Die Universiteit het aan die einde van September ’n kollokwium oor die nuwe Taalbeleidsraamwerk vir Openbare Hoërondrwysinstellings aangebied. Hieronder is van die verbandhoudende artikels wat in die media verskyn het:

- Status van taal vereis regsadvies (Netwerk24/*Die Burger*)
- Indigenous languages at forefront of new higher education policy but major compliance challenges remain (*Daily Maverick*)
- Prof Wim de Villiers presentation: “The challenges in the implementation of the new language policy” (LitNet)
- Language must facilitate access, success in education (*Sowetan*)
- Talks to advance transformation in higher education (*Pretoria News*, *Cape Times*, *Star*)
- Towards the intellectualisation of African languages (University World News)

Taalblaaie op die Universiteit se webtuiste handel onderskeidelik oor die hersiening van die Taalbeleid (www.sun.ac.za/taal) en meertaligheid.

**Denkleierskap:** Ons akademiese personeellede gaan voort om US-navorsing vir eksterne gehore toeganklik te maak met denkleierskapstukke vir The Conversation. Altesaam 12 van ons bydraers het in die verslagtydperk tien artikels die lig laat sien, wat gesamentlik meer as 364 000 keer gelees is.

**Menslike kapitaal:** Volgens PEAR se mediamonitering van individue by die US het 258 mediabrokkies in Augustus en 198 in September na die Universiteit se menslike kapitaal verwys. Dít word as ’n beduidende bydraer tot mediadekking beskou, veral in die subkategorie “Navorsing en innovasie”.

Daarbenewens het personeel en studente van die US weer ’n groot getal **meningsartikels, hoofartikels en rubrieke** geskryf (**sien BYLAAG**). Die Mediakantoor het ook die pers van **kennerslyste** voorsien om kommentaar te lewer oor onder meer die US Taaldag en Wêreldvoedseldag.

## 1.26 ‘Oorsig 2020’

Korporatiewe Kommunikasie en Bemarking het *Oorsig 2020* in September uitgegee. Die publikasie vergesel die geïntegreerde jaarverslag. Dit lig van die Universiteit se hoogtepunte in die bepaalde verslagtydperk uit en bevat ook finansiële data oor ons bedrywighede. Dit is aanvanklik deur middel

van die nuusbrief info@stellenboschuni bekend gestel. Daarna is bewustheid van *Oorsig 2020* ook op sosiale media geskep in ’n veldtog wat weekliks ’n nuwe brokkie uit die publikasie uitgereik het.

# TEMA 2: ’N TRANSFORMERENDE STUDENTE-ERVARING

Ons *Visie 2040 en Strategiese Raamwerk 2019–2024* lui soos volg oor **’n transformerende studente-ervaring**: “Met hierdie voorneme wil ons toesien dat die US toeganklik is vir kwalifiserende studente uit alle agtergronde, met inbegrip van studente wat hindernisse vir deelname aan universiteitsonderwys ervaar. Ons beskou dit as ’n reis – van ons eerste kontak met voornemende studente totdat hulle afstudeer en die rol van alumni vervul.” Dit behels ook “die voorsiening van groeigeleenthede aan alle voor- en nagraadse studente, wat insluit leiding, steun en dienste deur die US om studentesukses te verseker”.

## 2.1 Rektorstoekennings vir Uitnemende Prestasie

Die Rektorstoekennings vir Uitnemende Prestasie is op 7 Oktober op die US se YouTube-kanaal en Facebookblad gehou. Die hele program is vooraf by Die Stal opgeneem. Die tema van vanjaar se geleentheid was “Uitnemendheid ondanks teëspoed – beweeg saam vorentoe”.

Uit die 182 aansoeke en benoemings wat ontvang is, is 82 US-topstudente vir uitnemendheid in akademie, leierskap, sosiale impak, kultuur, sport en dienslewering vereer. Die prysuitdeling het vermaak deur die US Jazzorkes, die groep New Voice Sextet en ’n poësieuitvoering deur student Mandlenkosi Sixolo ingesluit. Klik hier om na die geleentheid te kyk.

## 2.2 Nuwe SR verkies

US-studente het in September ’n nuwe Studenteraad (SR) verkies. Me. Viwe Kobokana, ’n finalejaarstudent in die program BSc Menslike Lewenswetenskappe en ’n boorling van Qonce (voorheen King William’s Town), is ons nuwe SR-voorsitter. Vir verdere besonderhede, klik hier.

## 2.3 Betrokke burgerskap bevorder


Matie Gemeenskapsdiens het ’n vier maande lange aanlyn kortkursus oor die bevordering van betrokke burgerskap aangebied. Die kursus het studente in staat gestel om aktiewe vrywilligerdiens ter ondersteuning van verdienstelike sake en veldtogte deur die hele Suid-Afrika te verrig. Dit het US-studente boonop ’n geleentheid gebied om werkservaring op te doen, en het hulle vir die werkplek help voorberei. Altesaam 151 deelnemers het vir die kursus ingeskakel. Studente in Maatskaplike Werk het die kortkursus as deel van hul kurrikulum voltooi.

## 2.4 Maties Sport

Maties Sport het die afgelope kwartaal op die eindstreep afgepyl wat betref deelname aan en die aanbieding van byeenkomste wat direk daarop afgestem is om hulle strategiese en bedryfsdoelwitte te bereik. Atlete kon uiteindelik **weer begin meeding** nadat byeenkomste vir geruime tyd weens COVID-19 gekanselleer was.

Sewe Maties Parasport-atlete en twee afrigters het die **Paralimpiese Spele** in Tokio bygewoon. Die Maties Sport- en US-alumna Anruné Weyers (***regs***) het ’n goue medalje in die 400 m verower. Dít was haar derde Paralimpiese Spele nadat sy in sowel Rio as Londen silwer gewen het. Kerwin Noemdo (***heel regs***) het vierde geëindig in die





eindrondte van die F46-gewigstoot vir mans met ʼn nuwe Afrikarekord van 15,65 m, en het die brons medalje net-net misgeloop.

Hoewel **Maties Netbal** die hele Varsitynetbaltoernooi deur onoorwonne was en tot die eindrondte deurgedring het, het Kovsies die titel uiteindelik in ʼn naelbytstryd gewen.

**Maties Sokker** het op hulle beurt die Suid-Afrikaanse Voetbalvereniging se Wes-Kaapse streeks- en provinsiale liga gewen. Hulle is gevolglik tot die ABC Motsepe-liga bevorder.

By die byeenkoms van die Federasie van Afrika-universiteitsport (FASU) het Maties Tennis se **Corin de Waal** die toernooi gewen (***regs***), terwyl die **Sewesrugby-mans** tweede geëindig het in hul kragmeting.



Maties Sport-atlete het onlangs ook aan byeenkomste van Universiteitsport Suid-Afrika (USSA) deelgeneem en uitstekend gevaar in swem, netbal, hokkie, roei, skaak en kanovaart.

## 2.5 Aansoekproses gestroomlyn

Die SUNStudent-projek het ver gevorder sedert aansoeke vir 2022 op 6 April 2021 geopen het. Voorgraadse aansoeke het skerp toegeneem: Trouens, dit het meer as verdubbel van sowat 22 000 verlede jaar tot 55 000 teen die sluitingsdatum (die einde van Julie) vanjaar.

Dít kan direk toegeskryf word aan pogings om toegang te verbreed deur hindernisse gedurende die aansoekproses uit die weg te ruim. In die vorige aansoeksiklus moes aansoekers bv. eers hulle aansoeke indien en daarna hulle dokumente in ʼn tweede aansoekstap laai, wat baie aansoekers nooit voltooi het nie. Vanjaar het ons weggedoen met hierdie tweeledige aansoekbenadering en kon aansoekers hul aansoeke en dokumente in ʼn enkelstapproses laai en indien. Daarbenewens het ons die vereiste van ʼn ondertekende studentekontrak in die aansoekfase laat vaar. Die ondertekende kontrak word nou eers gelaai wanneer die aansoeker ʼn aanbod aanvaar.

Sowel ouers as aansoekers het die gemak van die nuwe aansoekproses waardeer, en dit ook verwelkom dat hulle nou tot drie programkeuses op ʼn aansoek kan aandui.

Sowat 65% (of 9 626) van aansoekers het teen die einde van Oktober 2021 hul aanbiedinge **aanvaar**. Die onderstaande tabel bied ʼn vollediger uiteensetting:

| Nasionaliteit en bevolkingsgroep | Ten minste een aanbod ontvang | Aanbod aanvaar | % aanbod aanvaar |
|---|---:|---:|---:|
| **Internasionaal** | 703 | 423 | 60,2% |
| **Swart Afrikaan** | 4 577 | 2 598 | 56,8% |
| **Bruin** | 2 184 | 1 562 | 71,5% |
| **Indiër/Asiër** | 963 | 596 | 61,9% |
| **Wit** | 6 098 | 4 231 | 69,4% |
| **Verkies om nie te sê nie/onbekend** | 317 | 216 | 68,1% |
| **Totaal** | **14 842** | **9 626** | **64,9%** |

ʼn Vergelyking met verlede jaar is moeilik omdat daar nog nie in daardie stadium ʼn opsie op die stelsel was om aanbiedinge te aanvaar nie. Die volgende tabel toon dus bloot die getal aansoekers wat teen die einde van Oktober 2020 ʼn aanbod *ontvang* het, vergeleke met aansoekers wat teen die einde van Oktober 2021 ʼn aanbod *aanvaar* het, volgens fakulteit:

| Fakulteit | Aanbiedinge gemaak Okt 2020 (geen opsie vir aanvaarding van aanbod op vorige stelsel nie) | SUNStudent-aanbiedinge aanvaar Okt 2021 |
|---|---|---|
| AgriWetenskappe | 699 | 713 |
| Lettere en Sosiale Wetenskappe | 2 630 | 2 178 |
| Ekonomiese en Bestuurswetenskappe | 3 322 | 2 521 |
| Opvoedkunde | 486 | 450 |
| Ingenieurswese | 1 674 | 1 203 |
| Regsgeleerdheid | 215 | 149 |
| Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe | 567 | 367 |
| Krygskunde | 1 | 0 |
| Natuurwetenskappe | 2 595 | 1 950 |
| Teologie | 101 | 95 |
| **Groottotaal** | **12 290** | **9 626** |

## 2.6 Skakeling met voornemende studente

Die Sentrum vir Studentewerwing en Loopbaanadvies (SSWL) het in die verslagtydperk voortgegaan om met skole te skakel. Altesaam 448 skole en meer as 57 000 leerders is tot dusver vanjaar bereik. Dit het sowel persoonlik as aanlyn geskied, en het gewissel van tradisionele skoolaanbiedings en -uitstallings, tot voorafopgeneemde video's gevolg deur aanlyn vraag-en-antwoordsessies.

Werwingsbeamptes het van verskeie kommunikasiekanale gebruik gemaak om met skole in kontak te bly, selfs in gebiede waar tegnologie beperk is. E-pos, WhatsApp-groepe en die Maties-webtuiste is van die kanale wat gebruik is. 'n Lys nuttige onderwyserhulpbronne is opgestel en 'n podsendingsreeks oor programkeuses is vervaardig.

Voornemende studente het ook 'n geleentheid gehad om individuele sessies met een van vier studenteraadgewers te bespreek om oor die US-aansoekproses en -studieprogramme te gesels. Sowat 285 van hierdie sessies is met leerders van ál nege provinsies sowel as van Namibië en selfs so ver as Suid-Korea gehou. Altesaam 70% van hierdie voornemende studente het Engelse sessies versoek, en die res het Afrikaans verkies.

Benewens die individuele sessies het die SSWL-personeel ook daagliks etlike foonoproepe en e-posse hanteer en steeds 'n betaalde diens gelewer waar 'n loopbaanadviessielkundige voornemende studente toets en bystaan. Loopbane@Maties, 'n projek wat bruin, swart, Indiër- en Asiër- (BSIA-)toppresteerders van 27 Wes-Kaapse skole van aanlegtoetse voorsien, is voortgesit.

Die webblad www.maties.com, wat spesifiek vir voornemende studente en hul ouers ontwerp is, bied 'n wye verskeidenheid waardevolle inligting. Die blad het by die skryf van hierdie verslag reeds **byna 2 miljoen besigtigings** aangeteken.

## 2.7 Maties 101

Die Sentrum vir Studentewerwing en Loopbaanadvies het op 20 Oktober die Maties 101-geleentheid in samewerking met fakulteite en Korporatiewe Kommunikasie en Bemarking aangebied. Die gehoor was graad 12-leerders wat 'n voorwaardelike aanbod ontvang het om in 2022 aan die US te studeer.

Soos die naam te kenne gee, is Maties 101 'n bekendstelling aan ons universiteit. Dit bied voorlopig aanvaarde studente 'oorlewingsopleiding' om die oorgang na die universiteitslewe te vergemaklik – iets wat veral vir die inname van 2022 noodsaaklik sal wees weens die impak wat die pandemie op

hul laaste skooljaar gehad het. Daarbenewens beoog dit om die leerders ’n band met die Universiteit te laat smee en uiteindelik ’n positiewe impak op eerstejaarregistrasies te hê.

Maties 101 was, soos verlede jaar, weer ’n voorafopgeneemde geleentheid met tien video’s wat aan meer as 10 000 studente en hulle ouers beskikbaar gestel is. Sodoende kon deelnemers nie net ten tyde van die geleentheid self na die video’s kyk nie, maar voornemende studente wat in daardie stadium nie genoeg data gehad het nie, kon ook later na die video’s terugkeer.

## 2.8 Webinaar vir graad 11-leerders

Die Sentrum vir Studentewerwing en Loopbaanadvies het ná sy suksesvolle webinaarreeks van 2020 weer vanjaar ’n drieledige reeks aangebied. Die finale aflewering is op 20 Oktober gehou, en het op graad 11-leerders gekonsentreer. Die webinaar het leerders met die aansoekproses bygestaan, ons voorgraadse programme bekend gestel, en getoon wat die US van ander universiteite onderskei.

Altesaam 555 deelnemers van oor die hele land het ingeskakel – 46% van die Wes-Kaap, 39% van Gauteng, 8% van KwaZulu-Natal, 3% van die Oos-Kaap, en 5% van ander provinsies.

## 2.9 Hulpbronmateriaal vir voornemende studente nou in Xhosa beskikbaar

Die US bied Xhosasprekende voornemende studente nou vir die eerste keer hulpbronmateriaal in hul huistaal sodat hulle ingeligte vak- en loopbaankeuses kan maak. Die inligting is voorheen slegs in Engels en Afrikaans voorsien.

Die Xhosa-hulpbronmateriaal is op 30 September aan skole beskikbaar gestel vir verspreiding onder hul graad 9’s en 11’s. Ons sentrum vir Studentewerwing en Loopbaanadvies (SSWL) het die materiaal ontwikkel. Dit bestaan uit ’n dokument met gereelde vrae en antwoorde, ’n brosjure oor vakkeuses en loopbaanadvies, en ’n aanbiedingsvideo, alles afgestem op leerders in graad 9 en 11.

Soortgelyke materiaal vir graad 12’s sal vanaf Februarie 2022 aan skole voorsien word.

Die SSWL bestaan uit ’n span raadgewers wat skoolbesoeke, ekspo’s en oueraande onderneem, sowel as opvoedkundige sielkundiges wat psigometriese assesserings vir leerders in graad 9 tot 12 bied. Die Sentrum sal voortaan ook Xhosaskole in ons provinsie besoek danksy die fasilitering van die Xhosasprekende raadgewer Bongiwe Mdingi.

## 2.10 Studentehuisvesting

Eerstejaarkoshuisplasings en die herplasing van bestaande studente in voorgraadse en senior koshuise is op dreef. Die tydraamwerk moes ooreenkomstig die A4-eksamentydlyn aangepas word. Alle eerstejaaraansoekers sal nietemin teen die einde van November weet in watter koshuis hulle geplaas of by watter privaatstudentegemeenskap hulle ingedeel is. Alle huidige studente is reeds van hulle huisvestingstatus vir 2022 in kennis gestel.

Die Universiteit sal in 2022 weer 2 000 koshuisplekke vir eerstejaars beskikbaar hê, wat beteken dat ongeveer 40% van ingeskrewe eerstejaars in koshuise gehuisves sal kan word.

## 2.11 Eksamen-innovasie

Die Sentrum vir Studente-administrasie het ’n nuwe eksamenantwoordboek suksesvol geïmplementeer. Studente kan aanlyn na ’n instruksievideo in hetsy Afrikaans of Engels.

Op die Stellenboschkampus het die Sentrum die afgelope assesseringsiklus ’n aanlyn indieningsportaal vir eksamenvraestelle in werking gestel. Dít maak deel uit van pogings om prosesse toenemend te digitaliseer.

## 2.12 Jaarfonds help die gaping oorbrug

Die US se Jaarfonds is ’n fondswerwingsinisiatief wat alumni, die studentegemeenskap, ouers en vriende van die Universiteit nooi om ons studente die hindernisse op hul pad na sukses te help oorkom. Die hoofdoel is om die gaping tussen talent en finansiële nood te oorbrug.

Die Jaarfonds het in 2021 onder die vaandel Bridge the Gap gefunksioneer, wat vroeër vanjaar bekend gestel is. Die inisiatief het gedurende onlangse amptelike besoeke aan US-alumni en -belanghebbendes in Europa behoorlik vaart gekry. Deur verskillende studentegemeenskapsgedrewe veldtogte – #Move4Food, #Action4Inclusion, die Tygerberg-spensprojek, “Caught in the Middle”, #Zim4Zim, “End Period Poverty”, #GradMe en #MatiesHaveDrive – sal Bridge the Gap in die behoeftes voorsien van verdienstelike studente wat finansiële bystand kort.

Vir verdere inligting, klik hier.

## 2.13 Herposisionering van voorgraadse beursbystand

As gevolg van die herposisionering van ons voorgraadse beursbystandsfunksie doen die Kantoor vir Voorgraadse Beurse op Tygerbergkampus nou verslag aan die adjunkdirekteur van Studentefinansies in die Afdeling Finansies. Die bestaande struktuur van die Sentrum vir Studente-administrasie ondersteun Voorgraadse Beurse-personeel egter steeds met daaglikse kwessies en strategiese fakulteit- of kampusspesifieke behoeftes.

## 2.14 Ikusasa-finansiëlehulpprogram vir studente

Die voorfinalejaar- en finalejaarstudente in die **Ikusasa-finansiëlehulpprogram vir studente (ISFAP)** voltooi tans ’n graduandiprogram. Die kortkursus is in samewerking met die Frederik Van Zyl Slabbert Instituut vir Studenteleierskapsontwikkeling spesiaal vir die ISFAP-studente ontwikkel. Die program beoog om graduandi vir die arbeidswêreld toe te rus en hul aanstelbaarheid te verhoog. Deelnemers leer ’n wye verskeidenheid persoonlike en professionele vaardighede soos besluitneming, kritiese denke, probleemoplossing en ontleding. Hulle word ook met CV-skryf- en finansiële geletterdheidsvaardighede bygestaan.

## 2.15 Nuwe Dell Young Leaders-kohort aangekondig

Die Dell Young Leaders-kohort vir 2022 is op 15 Oktober aangekondig. Die beste 200 van die 409 aansoekers het tussen 9 en 15 September aan aanlyn onderhoude deelgeneem. Die 150 wat die beste presteer het, is uiteindelik as Dell Young Leaders aangewys.

Die Dell Young Leaders-program is gesetel in die verantwoordelikheidsentrum van die Registrateur en werk met alle tersaaklike US-kantore saam om ’n doeltreffende ekosisteem te vorm wat studentetoegang, -volharding en -sukses ondersteun. Die afdelings Alumnibetrekkinge en Studentesake is kernvennote, en so ook die fakulteite. Die program word deur die Michael & Susan Dell-stigting gefinansier. Die US het egter ook onderneem om meer van sy eie beursgeld toe te ken om die getal studente wat by die program baat vind te verhoog en studentesukses sodoende ’n dubbele hupstoot te gee.

Die program is in 2020 van stapel gestuur, en sal teen 2024 altesaam 1 000 studente ingeneem het. Noudat die kohort vir 2022 aangewys is, het die US altesaam 250 aktiewe Dell Young Leaders, wat dit die grootste stigtingsgedrewe beursprogram by ons universiteit maak.

Die jongste kohort het op 30 Oktober ’n feestelike bekendstellingsgeleentheid bygewoon. Die Dell Young Leaders-span, verteenwoordigers van die Michael & Susan Dell-stigting en US-kollegas van fakulteite en studentesteundienste het almal saam die studente verwelkom.

# TEMA 3: DOELGERIGTE VENNOOTSKAPPE EN INKLUSIEWE NETWERKE

Hierdie kern strategiese tema word soos volg bespreek in ons *Visie 2040 en Strategiese Raamwerk 2019–2024*: "As deel van ons missie, het ons by die US ons bereid verklaar om die wêreld rondom ons deur samewerking te beïnvloed en te verander, en self ook verandering te omarm en daarop te reageer. Die kern van ons missie is dat wat in die wêreld gebeur ons navorsing, ons onderrig en leer sowel as ons skakeling rig, en dat wat by ons universiteit gebeur vir die wêreld van belang is. As 'n universiteit, is ons verbind tot Suid-Afrika en Afrika. Terselfdertyd is ons terdeë bewus van ons rol in en verbondenheid aan die internasionale arena. Om te inspireer én geïnspireer te word, sal die US **skakel en saamwerk** met **belanghebbendes**, die **gemeenskappe** wat ons bedien, die **bedryf**, die **regering** en ons **universiteitsvennote** in **plaaslike, streeks-, vastelands- en wêreldverband**. Ons benadering tot samewerking en skakeling strook met ons waardes, met spesifieke verwysing na respek, deernis en billikheid."

## 3.1 Vergadering van Stellenbosch Internasionale Akademiese Netwerke

US Internasionaal het van 13 tot 15 Oktober die 18de vergadering van die Stellenbosch Internasionale Akademiese Netwerke (SIAN) aangebied. Hierdie jaarlikse geleentheid betrek die US se universiteitsvennote wêreldwyd. Weens beperkings op reis en byeenkomste het die vergadering aanlyn plaasgevind. Meer as 120 deelnemers het geregistreer. Die program het uit verskeie aanbiedings oor strategiese inisiatiewe by die US bestaan, sowel as gesprekke oor internasionalisering. Laasgenoemde het sessies oor vennootskapsontwikkeling en internasionaal genetwerkte leer ingesluit. Ondanks die aanlyn aanbiedingsmetode, is daar steeds moeite gedoen om deelnemers deur middel van interaktiewe sessies 'n gevoel vir Stellenbosch en Suid-Afrika te gee. 'n Bobotiemeesterklas, 'n virtuele wynproe met Beyers Truter en 'n virtuele kampustoer is onder meer aangebied. Klik hier vir 'n volledige berig.

## 3.2 Bilaterale en multilaterale skakeling

US-personeellede het in die verslagtydperk aan 14 konferensies en 12 belangrike vergaderings met vennootinstellings deelgeneem. Dít het ingesluit oorsigbestuursvergaderings met die nuwe lede van die EUTOPIA-konsortium, naamlik TU Dresden, die Ca'Foscari Universiteit van Venesië, en NOVA Universiteit in Lissabon. Ander kernontmoetings was die vergadering van die akademiese raad van VIU, en van die beheerkomitee van die AC21-konsortium met die universiteite van Nagoya, Freiburg, Straatsburg, Nanjing, Adelaide en die staat Noord-Carolina. Hierdie vergaderings het ons personeel 'n geleentheid gebied om aan aanbiedings en gesprekke oor 'n wye verskeidenheid onderwerpe deel te neem.

## 3.3 Leierskonferensie van Talloires-netwerk

Die driejaarlikse leierskonferensie van die Talloires-netwerk het aan die einde van September in hibridiese vorm plaasgevind. Die Tisch-burgerskapskollege by Tufts-universiteit en die Instituut vir Politiek van Harvard se Kennedy-skool het as gashere opgetree. Die Talloires-netwerk van betrokke universiteite bestaan tans uit meer as 400 instellings wêreldwyd. Die doel van die organisasie is om universiteite se sosiale impak te versterk.

Konferensiedeelnemers het sowel akademiese as administratiewe personeellede, studente en gemeenskapsvennote ingesluit. Die US se prof Nico Koopman (Viserektor: Sosiale Impak, Transformasie en Personeel), dr Leslie van Rooi (senior direkteur van Sosiale Impak en Transformasie) en Marc Nathanson, 'n mediese student in sy derde jaar, het elk 'n interaktiewe sessie gemodereer.

## 3.4 Gemeenskapsdeelname oor Hardekraaltjie-begraafplaas

Die US het sy gemeenskapsdeelnameproses oor die voormalige Hardekraaltjie-begraafplaas, wat deel uitmaak van Tygerbergkampus, verdiep. Hierdie restitusie-inisiatief het met ’n gedenkgeleentheid op Erfenisdag begin, en sal ook ’n navorsingsprojek insluit. Vir verdere besonderhede, klik hier.

## 3.5 Stellenbosch Netwerk

Die Stellenbosch Netwerk, wat deur Innovus van stapel gestuur is en in noue samewerking met die US bestuur word, het reeds tot 147 lede aangegroei. Die visie van die netwerk is om die Stellenbosch en omstreke internasionaal as ’n inklusiewe en onderling verbonde innovasiesentrum en kennisstreek van Afrika te posisioneer.

Die netwerk het die afgelope paar maande ’n aantal geleenthede aangebied, waaronder tegnologieopleidingsessies en ’n slimstad-lesingreeks. Hulle het ook entrepreneurs se verhale in nuusbriewe en op sosiale media vertel. Ook is ’n verskaffersopsporingsplatform geskep om plaaslike ekonomiese ontwikkeling aan te moedig, en die uitdaging #Ideasforchange vir 2022 bekend gestel.

Die netwerk se eie mentorskapsprogram vir entrepreneurs word teen die einde van November afgesluit. En danksy fasilitering deur die netwerk het 15 kleinsakelui van Stellenbosch ook onlangs die US Bestuurskool se kleinsake-opleiding voltooi.

## 3.6 Matiewinkel

Die Matiewinkel het op 1 September op Tygerbergkampus geopen. Hierdie nuwe inisiatief het die bestuur van die vorige Tygerbergstudenteraad- (TSR-)winkel oorgeneem. Die nuwe fasiliteit, ’n samevoeging van die twee winkels, verskaf alle akademiese klere, verbruiksitems en toerusting aan die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe. Die Matiewinkel sal boonop vanaf 2022 met Havaianas, een van die bekendste plakkiehandelsname ter wêreld, saamwerk. Deur met hierdie handelsnaam en sy bemarkingsinisiatiewe saam te span, hoop die Matiewinkel om bewustheid van US-handelsmerkware te verhoog en verkope op te stoot.

## 3.7 US Woordfees en US Koor

Die 22ste Toyota US Woordfees was die eerste kunstefees in Suid-Afrika wat op ’n TV-opwipkanaal, Woordfees TV, plaasgevind het. Die fees is van 1 tot 10 Oktober landwyd op DStv-kanaal 150 uitgesaai, en was ook in Namibië op GOtv te sien. Meer as 300 kunstenaars en 200 tegnici het inhoud vir die kanaal help skep. Altesaam 71 nuwe programme is ontwikkel en meer as 60 gevestigde produksies is gelisensieer om oor die tien dae uitgesaai te word.

Die US het ’n sterk teenwoordigheid gehad: ’n Reeks getiteld *Beste Professor/ Professor Presenting*, wat uit tien kort TED Talks-tipe lesings deur US-kenners bestaan, is spesiaal vir die kanaal verfilm. Ou feesgunstelinge soos die Wetenskapkafee en Filosofiekafee het ook hulle TV-debuut gemaak, terwyl die US Koor by die Oude Libertas-amfiteater verfilm is in hul eerste uitvoering sedert die inperking.

Die jaarlikse Sanlam WOW-spelfees het van 12 tot 20 Oktober aanlyn plaasgevind weens COVID-19-beperkings. WOW het egter in samewerking met die US se departemente Drama en Musiek sy inisiatief vir kunste-ontwikkeling en werwing in die Suid-Kaap voortgesit, met ’n bepaalde klem op die gemeenskappe van Oudtshoorn en George.

## 3.8 Ooreenkoms met Stellenbosch Akademie vir Sport

Die US en die Stellenbosch Akademie vir Sport (SAS) het in Oktober ’n memorandum van verstandhouding onderteken ingevolge waarvan die twee entiteite tot in 2029 sal saamwerk.

Die doel van die ooreenkoms is om bande tussen die US en SAS te verstewig om sokkerspelers van gehalte vir Stellenbosch in die besonder en die Wynlandstreek in die algemeen op te lewer. Terselfdertyd beoog dit om spelers, steunpersoneel sowel as administrateurs holisties te ontwikkel.


Die vennootskap bepaal dat die Stellenbosch-sokkerklub die US se Lentelus-sokkerkompleks vir drie seisoene vir oefensessies kan gebruik, en dat Premier Sokkerliga- (PSL-)wedstryde vir nege seisoene by die Danie Craven-stadion aangebied sal word, alles met ingang van die komende seisoen.

## TEMA 4: GENETWERKTE EN SAMEWERKENDE ONDERRIG EN LEER

Luidens *Visie 2040 en Strategiese Raamwerk 2019–2024* behels hierdie kern strategiese tema die volgende: "Die US pak hiermee 'n reis van **genetwerkte en samewerkende onderrig en leer** aan deur leergemeenskappe te skep waar studente, personeel en alumni sinvolle leer kan ervaar. Die US bevorder 'n leergerigte benadering tot onderrig, met die klem op leer as 'n vennootskap, wat studente as medeskeppers van kennis en leeromgewings beskou. Binne 'n leergerigte benadering werk onderrigaktiwiteite kennisbou in die hand en word studente aktief by hul eie leer betrek."

### 4.1 Projek vir uitgebreide leerruimtes

Fase 1A van die projek vir uitgebreide leerruimtes (oftewel "ELS") is aan die einde van Oktober voltooi (***voorbeeld van stelsel op foto langsaan***).



'n ELS-bystandsdiens is ook op die been gebring. Dit bestaan tans uit vyf noodbystandsbeamptes wat sowel fisiese as aanlyn steun bied.

Informasietegnologie se bystandspan kan ook in kantoortyd deur verskeie kanale om hulp genader word.

### 4.2 Kortkursusse

Statistieke oor Innovus-kortkursusse is in die verslagtydperk uitgereik. Vergeleke met 2020 is 30 meer kortkursusse geregistreer. Van die 320 US-kortkursusse wat vir aanbieding in 2021 goedgekeur is, was 262 hetsy in gemengdeleerformaat of vir ten volle aanlyn aanbieding op die SUNOnline-platform. Kortkursusdeelnemers het met 909 toegeneem teenoor verlede jaar. En 715 van die 5 418 deelnemers wat teen die verslagdatum toegang tot SUNOnline bekom het, was van die buiteland.

### 4.3 US Biblioteeksimposium

Die **16de US Biblioteeksimposium** is van 12 tot 14 Oktober in hibridiese vorm by Lanzerac-wynlandgoed aangebied. Die tema was "Van held tot superheld: Aanpasbare, innoverende en responsiewe biblioteke".


Van die 172 afgevaardigdes het 105 aanlyn ingeskakel. Deelnemers van die Verenigde Koninkryk, Verenigde State, Nederland, Brasilië en die Verenigde Arabiese Emirate het by hulle Suid-Afrikaanse eweknieë aangesluit. In sy hoofrede het **prof Kanshukan Rajaratnam**, direkteur van die US se Skool vir Datawetenskap en Rekenaardenke, gesels oor die lesse wat gedurende die pandemie oor die belang van oop data geleer is.

## TEMA 5: NAVORSING VIR IMPAK

Luidens ons *Visie 2040 en Strategiese Raamwerk 2019–2024* impliseer "**Navorsing vir impak**" by die US "die optimalisering van die wetenskaplike, ekonomiese, sosiale, vakkundige en kulturele impak

van ons navorsing. Die klem val op interdissiplinêre navorsing tot voordeel van die samelewing in nasionale, vastelands- en wêreldverband. Tog bly ons verbind tot basiese en dissiplinêre navorsingsuitnemendheid omdat dit as grondslag vir toegepaste en betekenisvolle navorsing dien.”

## 5.1 Kennisgids verhoog navorsingsimpak




Die US het onlangs sy Kennisgids opnuut bekend gestel. Dit is aanvanklik in 2015 geskep om die sigbaarheid van die Universiteit se navorsingskundigheid te verhoog. Die Afdeling Navorsingsontwikkeling, die Nagraadse Kantoor, US Internasionaal en die Afdeling Informasietegnologie het saamgewerk aan die instrument.


Deur middel van ’n webkonsole op ons korporatiewe webtuiste bied die gids maklike toegang tot inligting oor die kundigheid van die Universiteit se navorsers. Dit hou verskeie voordele in, soos om:

- voornemende nagraadse studente in staat te stel om moontlike studieleiers te identifiseer;
- as ’n inligtingsbron vir die media te dien;
- navorsingsmedewerkers en bedryfsvennote in staat te stel om US-kenners op te spoor; en
- interdissiplinêre skakeling tussen US-navorsers te bevorder.

Die inwerkingstelling van ’n algeheel nuwe stelsel word vir 2022 beplan.

## 5.2 Spogpublikasie oor COVID-19-navorsing aan die US

Die jongste uitgawe van die veelbekroonde publikasie *Research at Stellenbosch University* is nou te kry. Die verslag, wat jaarliks deur die Afdeling Navorsingsontwikkeling (ANO) uitgegee word, word as een van die US se pronkpublikasies beskou.




Hierdie spesiale uitgawe toon die interessante en innoverende COVID-19-navorsing wat in 2020 in alle akademiese dissiplines by die US onderneem is. Dit doen onder meer verslag oor deurbraakontdekkings in die geneeskunde, beklemtoon die belangrike rol van die US se immunologiekenners in die stryd teen die virus, en ondersoek hoe biotegnologie aangewend word om COVID-19-verwante uitdagings die hoof te bied. Boonop sluit dit navorsing in oor die sosio-ekonomiese impak van die pandemie, en toon hoe navorsers en denkleiers in die geesteswetenskappe op die krisis gereageer het.

ANO ook ’n publikasie saamgestel met meer as 50 van die COVID-19-verwante hoof- en meningsartikels wat ons navorsers tussen Maart 2020 en Februarie 2021 geskryf het.

Van die hoogtepunte uit *Research at Stellenbosch University* is die afgelope paar weke op die Universiteit se Facebookblad geplaas. Kyk hierdie video vir verdere inligting.

## 5.3 US-vrouenavorsers

Die US se navorsingsgemeenskap sluit vrouenavorsers in met uitsonderlike talent en innoverende idees, wie se voortreflike navorsing relevante uitkomste oplewer. Ons Afdeling Navorsingsontwikkeling het ’n aanlyn platform geskep om hulle te erken, te vereer en te vier.

Deur hulle navorsing beïnvloed hierdie vroue besluitneming, bevorder volhoubare ontwikkeling en help verbeter mense se lewens.

## 5.4 US-navorsingsleerstoele en sentrums van uitnemendheid op die voorgrond

’n Nuwe brosjure bied ’n oorsig van die US se navorsingsleerstoele en sentrums van uitnemendheid, wat ons in staat stel om navorsing vir impak te onderneem en plaaslike en wêreldvermoë te help bou.




Die US se navorsingsleerstoele en sentrums van uitnemendheid strook duidelik met Suid-Afrika se behoeftes en prioriteite, soos wat uit die Mediumtermyn- Strategiese Raamwerk en die land se Nasionale Ontwikkelingsplan blyk, sowel as met die internasionale volhoubare ontwikkelingsdoelwitte.

Die brosjure toon die relevansie van US-navorsing vir die samelewing én hoe dit samelewingsomstandighede help verbeter.

## 5.5 Horizon Europe

Horizon Europe, die Europese Unie se navorsings- en innovasieraamwerkprogram vir die tydperk 2021 tot 2027, het onlangs hul jongste versoek vir aansoeke uitgereik. Die US het tot dusver totale finansiering ter waarde van R26,5 miljoen van hierdie program bekom.

## 5.6 Wellcome Trust-toekennings

**Prof Bert Klumperman** van die Departement Chemie en Polimeerwetenskap en **dr Wynand Goosen** van die Departement Biochemie het albei uiters gesogte toekennings van die Wellcome Trust ontvang.

Prof Klumperman, met prof Timothy Dafforn van die Universiteit van Birmingham as medewerker, het meer as R28 miljoen vir membraanproteïennavorsing ontvang. Dr Goosen het op sy beurt net oor die R4 miljoen bekom vir navorsing oor die verbeterde monitering van soönotiese mikobakterieë saam met US-medewerker prof Gerhard Walzl.

# TEMA 6: VOORKEURWERKGEWER

In ons *Visie 2040 en Strategiese Raamwerk 2019–2024* is ons mense ons eerste “instaatsteller” – ’n element “wat alles moontlik maak”. Wat personeel betref, is dit soos volg gekoppel aan ’n kern strategiese tema: “Ter ondersteuning van die US se visie, missie, waardes en strewes is dit noodsaaklik om die gesondheid en welstand van ons mense te ondersteun. In die US se strewe om die **voorkeurwerkgewer** te wees, beoog ons ’n instaatstellende omgewing wat die beginsels van medeskepping en gepaste deelname insluit en die kenmerke van ’n inklusiewe kampuskultuur vergestalt.”

## 6.1 Personeelgesondheid en -welstand

Die Werknemerondersteuningsprogram het bewusmakingsessies oor sy diensaanbod aan personeellede gehou.

As deel van hul voorkomingswerk om risiko's in die werkplek te beperk, het die span ook webinare oor COVID-19-inentingsvrese, geestesgesondheid by die werk en die belang van selfsorg aangebied. Daarbenewens het 'n gesprek oor werkplekgrense op kommunikasiegapings en die verkeerde vertolking van boodskappe (en emoji's) tussen verskillende kultuur-, ouderdoms- en gendergroepe gekonsentreer. Dié gesprek is in samewerking met die Eenheid vir Gelykwaardigheid aangebied.

## 6.2 Taakgroep oor personeelaansporings se werk afgehandel

Die werk van die taakgroep oor personeelaansporings is suksesvol afgehandel by die Rektoraat ingedien. Die voorstel sal eers vir goedkeuring voor die Vergoedingskomitee van die Raad dien en daarna vir 'n finale besluit na die Raad verwys word.

## 6.3 Hersiening van prestasiebestuurstelsel

Die hersiening van die US se prestasiebestuurstelsel vir personeel vorder fluks.

Sowat 80 personeellede op alle posvlakke is geraadpleeg. Die hersiening, wat in samewerking met die konsultantfirma Korn Ferry onderneem word, sal teen die einde van die eerste kwartaal van 2022 klaar wees. Sodra hierdie inisiatief voltooi is, sal die loopbaanvordering van personeellede in die PASD-omgewing aandag ontvang, ook in oorleg met Korn Ferry.

## 6.4 Boeliery in die werkplek

Die Viserektor: Leer en Onderrig en die Viserektor: Sosiale Impak, Transformasie en Personeel het in Oktober 'n gesamentlike skrywe uitgereik waarin hulle beklemtoon dat die US geen boeliery in die werkplek duld nie. Die kommunikasiestuk het werkplekboeliery en die impak daarvan omskryf, die belang van die aanmelding van boeliegedrag onderstreep, en die beskikbare steun vir personeellede uitgelig.

Boeliery in die werkplek druis in teen die US se waardes van uitnemendheid, deernis, verantwoordbaarheid, respek en billikheid, en ons doelwit om 'n voorkeurwerkgewer te wees wat 'n ondersteunende, koesterende en inklusiewe werkplek skep.

## 6.5 Personeelprestasies- en aanstellings

Heelwat van die US se personeellede het in die verslagtydperk uitsonderlike mylpale in hulle professionele loopbane bereik, waaronder die volgende:

**Robert Kotzé**, senior direkteur van US Internasionaal, het 'n langdiensmedalje ontvang ter erkenning van sy rol om die werk van die Confucius-instituut by die US reeds vir langer as 'n dekade te ondersteun. Die instituut bied nie net buitekurrikulêre opleiding in Chinees by die US self nie, maar ook by skole en instellings in die wyer Bolandstreek.

Die wingerdboukundige en navorser **dr Erna Blancquaert** het 'n Taylor's Port Golden Vines-diversiteitsbeurs vir 2021 ontvang. Sy is een van slegs twee ontvangers wêreldwyd. Die beurs van £55 000 stel haar in staat om die wêreldbekende wynmeestersprogram van die Wynmeestersinstituut in die Verenigde Koninkryk te volg.

Twee Kreatiewe Skryfkuns-dosente in ons Departement Afrikaans en Nederlands het gesogte toekennings ontvang. **Dr Alfred Schaffer** het die PC Hooft-prys, een van Nederland se grootste literêre toekennings, ontvang, en **dr Willem Anker** is bekroon met die kykNET-Rapport-prys vir fiksie sowel as die ATKV-prosaprys.

Dr Anker is ook saam met **prof Stephanus Muller** en **dr Stephanie Vos** met ATKV-Woordveertjies vereer vir hul buitengewone literêre bydraes. Die Woordveertjies word jaarliks toegeken as erkenning vir uitsonderlike prestasies in Afrikaanse skryfkuns.

Die chemikus **dr Katherine de Villiers** is vir die derde keer in haar akademiese loopbaan deur die Suid-Afrikaanse Chemiese Instituut (SACI) vir haar uitmuntende bydrae tot navorsing op haar vakgebied vereer.

Privaatreg se **prof Juanita Pienaar** het met ingang van September diens aanvaar as die Fakulteit Regsgeleerdheid se heel eerste Visedekaan: Navorsing en Internasionalisering. En in die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe is **prof Karin Baatjes** as Visedekaan: Leer en Onderrig aangestel.

## 6.6 Aanlyn veldtog ’n vertoonvenster vir uitgelese professore

Die Afdeling Navorsingsontwikkeling het onlangs ’n aanlyn veldtog van stapel gestuur om die publiek meer oor ons uitgelese professore te vertel.

Die US se uitgelese professorskappe is in 2014 geskep. Met dié eerbewys verleen ons erkenning aan ons heel beste akademici wat die toppunt van prestasie in hulle universiteitsloopbane bereik het. Ons het tans 38 uitgelese professore.

## 6.7 Intreelesingreeks

Die Rektoraat en Dekaansforum het in Maart vanjaar besluit om die intreelesings wat in 2020 uitgestel is te prioritiseer en dit in 2021 in hibridiese vorm aan te bied, onderworpe aan die inperkingsvlak in daardie stadium.

Ons het in die verslagtydperk vyf van hierdie lesings aangebied. Dit is nou aanlyn te kry.

## 6.8 STIAS-genoot wen Nobelprys vir Letterkunde

Vanjaar se Nobelprys vir Letterkunde is toegeken aan die Tanzaniese romanskrywer **Abdulrazak Gurnah**, ’n genoot van die Stellenbosse Instituut vir Gevorderde Navorsing (STIAS). Die prys vereer hom vir sy “vasberade en deernisvolle studie van die gevolge van kolonialisme en die lot van die vlugteling in die kloof tussen kulture en vastelande”.

STIAS is 'n outonome navorsingsorganisasie wat deur die Universiteit Stellenbosch (US) by sy geskiedkundige Mostertsdrift-landgoed gehuisves word. Dit is gestig ingevolge 'n besluit deur die US Raad in 1999, en is in 2007 as 'n artikel 21-maatskappy (maatskappy sonder winsoogmerk) met sy eie raad van direkteure geregistreer.

In 2018 het Gurnah ’n kunstenaarsresidensie by STIAS voltooi en ’n openbare lesing aangebied waarin hy gesels het oor die uitdagings daarvan om ware “wêreldletterkunde” te skep. Hy het destyds gesê: “Ons begeerte na ‘wêreldletterkunde’ behoort deur die gedagte van mensheid sonder grense geïnspireer te word.” Sy jongste roman, *Afterlives,* waaraan hy in sy tyd by STIAS begin werk het, het in 2020 verskyn.

Vir verdere inligting, klik hier.

## SLOT

Die US eindig die akademiese jaar 2021 ongetwyfeld op ’n sterk noot, ondanks al die struikelblokke en uitdagings langs die pad. Wanneer die nuwe akademiese jaar begin, hoop ons om na “normaal” terug te keer. Soos hierdie verslag toon, is ál die boustene gelê om ons die Universiteit se missie te help bereik namate ons saam vorentoe beweeg.



**Prof Wim de Villiers,**
**Rektor en Visekanselier**

## BYLAAG: MENINGSARTIKELS EN RUBRIEKE

### Meningsartikels (18 Augustus–2 November 2021)

| OUTEUR | VAN (omgewing of afdeling) | OPSKRIF | PUBLIKASIE (klik vir artikel) |
|---|---|---|---|
| Prof Nox Makunga | Plant- en Dierkunde | Women in science and tech are left out in the cold during pandemic | Times Live (18 Aug) |
| Prof Oliver Ruppel<br><br>Cleo Dobers | Handelsreg<br><br>Magisterstudent (Regte) | Hesitation price tag: The humanitarian cost of failing to act on the climate crisis while we enter ‘code red’ | Daily Maverick (18 Aug) |
| Prof Wim de Villiers | Rektor & Visekanselier | Climate change is here, and we need to act now | News24 (19 Aug) |
| Prof Thuli Madonsela | Sosiale Geregtigheid | The case for a solidarity tax | Financial Mail (19 Aug) |
| Prof Soraya Seedat | Psigiatrie | Do sex differences in the highest echelons of leadership matter? | News24 (19 Aug) |
| Dr Tristen Taylor | Filosofie | A lesson still not learnt | LitNet (19 Aug) |
| Karen Bruns | Ontwikkeling en Alumnibetrekkinge | Vice-chancellors key in growing ‘fourth-stream income’ | University World News (19 Aug) |
| Dr Guy Lamb | Politieke Wetenskap | Gun control in South Africa: tightening the law, and more | The Conversation (19 Aug) |
| Nolwethu Jubase<br><br>Dr Ross Shackleton & prof John Measey | Suid-Afrikaanse Nasionale Biodiversiteitsinstituut<br><br>Sentrum vir Indringerbiologie | Help heroes fight invasive alien plants | Cape Times (20 Aug) |
| Prof Keymanthri Moodley | Sentrum vir Mediese Etiek en die Reg | Working women need to create space to recharge | The Star (20 Aug) |
| Dr Leslie van Rooi | Sosiale Impak en Transformasie | Vat hande oor taal | Rapport (22 Aug) |
| Logan Smith & dr Hanél Sadie-van Gijsen | Sentrum vir Kardiometaboliese Navorsing in Afrika (KARMA) | Can the secret to weight loss be found in the spice aisle? | Health24 (24 Aug) |
| Dr Francois Cleophas | Sportwetenskap | How colonial history shaped bodies and sport at the edges of empire | The Conversation (24 Aug) |
| Dr Chris Jones | Eenheid vir Morele Leierskap | ’n Etiese rede vir inenting | Die Burger (25 Aug) |
| Dr Martin Gustafsson | Ekonomie | A teacher retirement wave is about to hit South Africa: what it means for class size | The Conversation (26 Aug) |
| Prof Brian Ganson | Afrikasentrum vir Geskilbeslegting | Vaccine imperialism erodes faith in the market economy | Mail & Guardian (27 Aug) |
| Hugo Pienaar | Buro vir Ekonomiese Ondersoek (BEO) | Jobs stats grim, but state can play big role in helping to fix things | Sunday Times (29 Aug) |
| Prof Amanda Gouws<br><br>Simamkele Dlakavu | Politieke Wetenskap<br><br>PhD-student (Politieke Wetenskap) | How the commission was captured | City Press (29 Aug) |
| Prof Francois Vreÿ | Sekerheidsinstituut vir Staatsbestuur en Leierskap in Afrika | Mozambique insurgency: focus needs to shift to preventing criminality at sea | The Conversation (29 Aug) |

| **OUTEUR** | **VAN (omgewing of afdeling)** | **OPSKRIF** | **PUBLIKASIE (klik vir artikel)** |
|---|---|---|---|
| Prof Wolfgang Preiser<br><br>Dr Cathrine Scheepers & prof Penny Moore<br><br>Jinal Bhiman<br><br><br>Prof Marietjie Venter<br><br>Prof Tulio de Oliveira | Geneeskundige Virologie<br><br>Universiteit van die Witwatersrand<br><br>Nasionale Instituut vir Oordraagbare Siektes<br><br>Universiteit van Pretoria<br><br>Universiteit van KwaZulu-Natal/ US Skool vir Datawetenskap en Rekenaardenke | South African health experts have identified a new lineage of SARS-CoV-2: what's known so far | The Conversation (31 Aug) |
| Dr Jeanette de Klerk-Luttig | Eenheid vir Morele Leierskap | Onderwys: Die tyd raak min | Netwerk24 (2 Sep) |
| Dr Michelle Botha | Instituut vir Lewensloop-gesondheidsnavorsing | Charitable appeals feed into negative ideas about blindness | News24 (3 Sep) |
| Prof Ashraf Kagee<br><br>Prof Mark Tomlinson | Sielkunde<br><br>Instituut vir Lewensloop-gesondheidsnavorsing | Covid-19 vaccine hesitancy: A complex problem | News24 (3 Sep) |
| Prof George Claassen | Joernalistiek | How a cult of ignorance endangers the fight against Covid-19 | News24 (3 Sep) |
| Dr Pauline Hanekom | Sentrum vir Pedagogie | Onward and appward: How digital skills help to change the lives and futures of children in Western Cape farm schools | Daily Maverick (6 Sep) |
| Anika Berning | Ondernemingsbestuur | NGOs must be part and parcel of achieving global SDGs | Business Live (8 Sep) |
| Dorothy Stevens | Navorsingsontwikkeling | Postgraduate training: The art of study supervision | University World News (9 Sep) |
| Prof Lizette Rabe | Joernalistiek | Hope: a noun and a verb | News24 (10 Sep) |
| Prof Jason Bantjes | Instituut vir Lewensloop-gesondheidsnavorsing | Digital interventions help to stem student suicide rates | Mail & Guardian (10 Sep) |
| Lindsay Mandy & dr Derica Lambrechts | Politieke Wetenskap | Sacredness vs science in lion conservation: Environment Ministry opens up a very big can of worms | Daily Maverick (13 Sep) |
| Prof Nuraan Davids<br><br>Prof Karolyn Tyson<br><br>Prof Kevin Driscoll<br><br>Dr Magali Della Sudda<br><br>Dr Veronica Terriquez<br><br>Prof Vivian Zayas | Opvoedingsbeleidstudie<br><br>Universiteit van Noord-Carolina<br><br>Universiteit van Virginië<br><br>Emile Durkheim-sentrum<br><br>Universiteit van Kalifornië, Los Angeles<br><br>Cornell-universiteit | White privilege: what it is, what it means and why understanding it matters | The Conversation (13 Sep) |
| Dr Chris Jones | Eenheid vir Morele Leierskap | South Africa's arms exports to Saudi Arabia and the UAE fuel Yemen's humanitarian crisis | Daily Maverick (14 Sep) |
| Dr Anja Smith<br><br>Jodi Wishnia & Shivani Ranchod | Ekonomie<br><br>Percept | We must look at the costs of NHI 20 years from now before rushing in – there are cheaper, more effective alternatives | Daily Maverick (15 Sep) |

| OUTEUR | VAN (omgewing of afdeling) | OPSKRIF | PUBLIKASIE (klik vir artikel) |
|---|---|---|---|
| Prof Sandra Liebenberg | Publiekreg | Making economic policy in South Africa in hard times: the role of human rights | The Conversation (13 Sep) |
| Dr Francois Cleophas | Sportwetenskap | Spiere wat hul grense nie ken | Rapport (19 Sep) |
| Proff Elmien du Plessis & Willemien du Plessis<br><br>Proff Zsa-Zsa Boggenpoel & Juanita Pienaar<br><br>Prof Danie Brand<br><br>Jackie Dugard<br><br>Johan Lorenzen | Noordwes-Universiteit<br><br>Publiekreg<br><br>Universiteit van die Witwatersrand<br><br>Universiteit van die Vrystaat<br><br>Richard Spoor Prokureurs | The Expropriation Bill and the 18th Constitutional Amendment process: The cart is still behind the horse | Daily Maverick (20 Sep) |
| Dr Sonja Strydom<br><br>Dr Elmien Sinclair & Christa Koch | Sentrum vir Leertegnologieë<br><br>Eenheid vir Akademiese Voorligting en Ontwikkeling | Digital multitasking sends our brains into overdrive | Mail & Guardian (21 Sep) |
| Dr Hanél Sadie-van Gijsen | KARMA | Sick of Covid-19 variants? You have the power to stop them from happening | Health24 (22 Sep) |
| Prof Lou-Marié Kruger | Sielkunde | Ma's wat moord pleeg | Die Burger (23 Sep) |
| Prof Mias de Klerk | Universiteit van Stellenbosch Bestuurskool (USB) | Are antivaxxers' rights being trampled? | Mail & Guardian (23 Sep) |
| Dr Chris Jones | Eenheid vir Morele Leierskap | Our heritage is not just our past, we are creating it every day | News24 (24 Sep) |
| Prof Cas Wepener | Praktiese Teologie en Missiologie | Erfenisdag: Ons moet 'n anargistiese sop kook, nie braai nie | Vrye Weekblad (24 Sep) |
| Prof Mias de Klerk | USB | We risk thinking heritage is only about the past and not the future | Business Live (24 Sep) |
| Dr Bryan Sewell, prof Ed Sturrock, dr Lauren Arendse & dr Jeremy Woodward<br><br>Prof Erick Strauss<br><br>Thandeka Moyo-Gwete<br><br>Prof Wolf-Dieter Schubert | Universiteit van Kaapstad<br><br>Biochemie<br><br>Nasionale Instituut vir Oordraagbare Siektes<br><br>Universiteit van Pretoria | Want to develop vaccines in Africa? Then invest in expertise and infrastructure | The Conversation (26 Sep) |
| Dr Collette Schulz-Herzenberg | Politieke Wetenskap | Young people are the neglected and often overlooked electoral power brokers – but only if they bother to vote | Daily Maverick (27 Sep) |
| Prof Lizette Rabe | Joernalistiek | Régte nuus nou belangriker as ooit tevore | Netwerk24 (28 Sep) |
| Prof George Claassen | Joernalistiek | Journalism is 'main vaccine against disinformation' – Why independence of the media matters | News24 (28 Sep) |

| OUTEUR | VAN (omgewing of afdeling) | OPSKRIF | PUBLIKASIE (klik vir artikel) |
|---|---|---|---|
| Marion Stevens<br><br>Daphney Nozizwe Conco | Politieke Wetenskap<br><br>Universiteit van die Witwatersrand | International Safe Abortion Day: New clinical guidelines for South Africa to empower healthcare workers | Daily Maverick (28 Sep) |
| Wandile Sihlobo | Landbousakekamer/ Landbou-ekonomie | Positive growth for agriculture sector | The Herald (29 Sep) |
| Louw Pienaar & Ferdi Meyer<br><br>Prof Nick Vink | Buro vir Voedsel- en Landboubeleid<br><br>Landbou-ekonomie | No real evidence of concentration in the agriculture sector | Business Live (29 Sep) |
| Susan de Klerk<br><br>Prof Harold Lesch | Arbeidsterapie<br><br>Afrikaans en Nederlands | Translation, cross-cultural adaptation must benefit all | Cape Times (30 Sep) |
| Dr Kim Wallmach & Susan Lotz | Universiteit Stellenbosch Taalsentrum | Context, human connection and the issue with online translation apps | News24 (30 Sep) |
| Prof Aslam Fataar | Opvoedingsbeleidstudie | Gelowiges kan ŉ verskil maak | Die Burger (1 Okt) |
| Prof Aslam Fataar | Opvoedingsbeleidstudie | Wat behoort die benadering teenoor godsdiens in skole te wees? | LitNet (1 Okt) |
| Prof Lizette Rabe | Joernalistiek | Oefen ... as medisyne! | Netwerk24 (1 Okt) |
| Prof Nuraan Davids | Opvoedingsbeleidstudie | Moulood-un-Nabi: not a day but a lifetime | Muslim Views (1 Okt) |
| Dr Lee-Ann Steenkamp | USB | Spending South Africa's carbon tax revenues | Accountancy SA (1 Okt) |
| Schalk Engelbrecht | Sentrum vir Toegepaste Etiek | On fake news and information hygiene | Accountancy SA (1 Okt) |
| Prof Nuraan Davids | Opvoedingsbeleidstudie | In this Brave New World of online learning, teachers have to motivate their students to seek light and hope | Daily Maverick (3 Okt) |
| Wesley Macheso | PhD-student (Engels) | Art's part in being African and queer | Mail & Guardian (3 Okt) |
| Dr Nadia Mans-Kemp | Ondernemingsbestuur | South Africa is tightening its rules around executive pay, but gaps remain | The Conversation (5 Okt) |
| Prof Thuli Madonsela | Sosiale Geregtigheid | The pursuit of social justice has become more critical than ever, but there are mountains to climb | Daily Maverick (5 Okt) |
| William Sezoe | BEd-student | Afrikaanses van hul Suid-Afrikaans-wees onteien in erfenismaand? | LitNet (5 Okt) |
| Wandile Sihlobo | Landbousakekamer/ Landbou-ekonomie | Get serious about agriculture this time | Business Day (6 Okt) |
| Prof Johann Kirsten | BEO | Die tameletjie van reëls, regulasies en inspeksiedienste | Landbouweekblad (7 Okt) |
| Dr Palesa Natasha Mothapo | Navorsingsontwikkeling | Improving the plight of the postdoc during COVID and beyond | University World News (7 Okt) |
| Prof Lizette Rabe | Joernalistiek | When I is replaced by We, illness becomes wellness | News24 (8 Okt) |
| Proff Ashraf Kagee & Katherine Sorsdahl | Alan Flisher-sentrum vir Openbare Geestesgesondheid | Mental health services are not a luxury | News24 (9 Okt) |
| Prof Tina Steiner | Engels | Nobel winner Abdulrazak Gurnah's fiction traces small lives with wit and tenderness | The Conversation (9 Okt) |
| Prof Wim de Villiers | Rektor en Visekanselier | 'Regte gesprek oor taal' | Die Burger (9 Okt) |
| Prof Cas Wepener | Praktiese Teologie en Missiologie | Grammatika van liefhê | Die Burger (9 Okt) |
| Prof Thuli Madonsela | Sosiale Geregtigheid | Stand up for truth and justice to foster peace | City Press (10 Okt) |

| OUTEUR | VAN (omgewing of afdeling) | OPSKRIF | PUBLIKASIE (klik vir artikel) |
|---|---|---|---|
| Prof Christine Lochner | Psigiatrie | 'Mental Health in an unequal world' | Weekend Argus (11 Okt) |
| Drs Cyrill Walters & Armand Bam | USB | Working from home made women academics feel worse than ever about juggling roles | The Conversation (12 Okt) |
| Prof Pieter Gouws | Voedselwetenskap | World Food Day: Food safety is a shared responsibility | Cape Times (13 Okt) |
| Wandile Sihlobo | Landbousakekamer/ Landbou-ekonomie | Many challenges in expanding exports | The Herald (13 Okt) |
| Dr James Rodger | Nadoktorale genoot in Fakulteit Natuurwetenskappe | Biodiversity depends on pollinators: a first estimate of how many plants rely on animals | The Conversation (14 Okt) |
| Prof Johann Kirsten & Helanya Fourie | BEO | Municipalities can play a key role in South Africa's economic development. Here's how | The Conversation (15 Okt) |
| Dr Sonja Strydom<br><br>Dr Elmien Sinclair & Christa Koch | Sentrum vir Leertegnologieë<br><br>Eenheid vir Akademiese Voorligting en Ontwikkeling | Ja, benut al die tegnologie, maar maak seker jy bly in beheer | Vrye Weekblad (15 Okt) |
| Dr Catherine Kaschula | Chemie en Polimeerwetenskap | 'Let food be thy medicine and medicine be thy food: Could that food be garlic? | Health24 (15 Okt) |
| Prof Lisanne du Plessis | Menslike Voeding | How to get your kids to like vegetables and frui – the younger they start, the better | Health24 (15 Okt) |
| Frederik van Dyk | Magisterstudent (Regte) | Beste EFF-kandidaat, jy is geen verraaier, maar ... | Netwerk24 (17 Okt) |
| Wandile Sihlobo | Landbousakekamer/ Landbou-ekonomie | SA becalmed in global food security rankings as other countries sail on | Business Live (19 Okt) |
| Dr Scott Drimie<br><br>Yandiswa Mazwana | Suider-Afrikaanse Voedsellaboratorium<br><br>Masiphumelele Creative Hub | Child-centric approach needed to achieve equitable food system | Business Live (20 Okt) |
| Frederik van Dyk | Magisterstudent (Regte) | Die ANC-regering se totempaal-nasionalisme | LitNet (21 Okt) |
| Dane Isaacs<br><br>Candice Groenewald | Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing/Sielkunde<br><br>Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing | Recognise stuttering as a disability, not a shortcoming | Cape Times (22 Okt) |
| Prof Maureen Robinson | Fakulteit Opvoedkunde | What is the best way to train South Africa's teachers? | Mail & Guardian (22 Okt) |
| Prof Gert Uves van Zyl | Geneeskundige Virologie | Technological advances helping in the fight against emerging infections | Health24 (26 Okt) |
| Dr Matsepo Ramaboli | Afrika-mikrobioominstituut | Over 250 million people in Africa are malnourished and hungry | Cape Times (27 Okt) |
| Wandile Sihlobo | Landbousakekamer/ Landbou-ekonomie | Rising input costs to squeeze farmers' profit margins | The Herald (27 Okt) |
| Prof Nicola de Jager | Politieke Wetenskap | Sub-Saharan Africa's liberty deficit: can civil society help fill the gap? | The Conversation (27 Okt) |
| Frederik van Dyk | Magisterstudent (Regte) | Taal op US: Sê jou sê | Die Burger (28 Okt) |
| Prof Riaan Rudman | Skool vir Rekeningkunde | Emergency online remote learning's unintended consequences | University World News (28 Okt) |

| OUTEUR | VAN (omgewing of afdeling) | OPSKRIF | PUBLIKASIE (klik vir artikel) |
|---|---|---|---|
| Dr Collette Schulz-Herzenberg | Politieke Wetenskap | With ANC and DA both facing credibility deficits, voter turnout is a key factor in the local elections | Daily Maverick (28 Okt) |
| Prof Johan Fourie | Ekonomie | Interessante stories lê in vervelige rekords opgesluit | Vrye Weekblad (29 Okt) |
| Wandile Sihlobo<br><br>Dr Tinashe Kapuya | Landbousakekamer/ Landbou-ekonomie<br><br>Buro vir Voedsel- en Landboubeleid | The EU's Green Deal: opportunities, threats and risks for South African agriculture | The Conversation (29 Okt) |
| Dr Philippa Kerr | Sielkunde | How to apply for a job in academia | Mail & Guardian (29 Okt) |
| Prof Nico Cloete | Sentrum van Uitnemendheid in Wetenskapmetriek en Wetenskap-, Tegnologie- en Innovasiebeleid | Performance figures show Unisa's downward trend | Sunday Times (31 Okt) |
| Prof Thinus Booysen & dr Arnold Rix | Elektriese & Elektroniese Ingenieurswese | South Africa's power grid is under pressure: the how and the why | The Conversation (2 Nov) |

## Rubrieke (18 Augustus–2 November 2021)

| OUTEUR | VAN (omgewing of afdeling) | OPSKRIF | PUBLIKASIE (klik vir artikel) |
|---|---|---|---|
| Prof Johan Fourie | Ekonomie | The future of art | Finweek (20 Aug) |
| | | Waarop sal jy $100 miljard plaas? | Rapport (12 Sep) |
| | | The future of fast food | Finweek (24 Sep) |
| Prof Amanda Gouws | Politieke Wetenskap | Swangerskap: Dié syfers skok | Die Burger (24 Aug) |
| | | Nóg 'n stukkie staat gekaap | Die Burger (7 Sep) |
| | | Texas-wet maak wel in SA saak | Netwerk24 (21 Sep) |
| | | Dieselfde hol kiesbeloftes | Die Burger (5 Okt) |
| | | Raak die DA nou ook populisties? | Netwerk24 (19 Okt) |
| | | Verkragting: Dís vroue se wêreld | Die Burger (2 Nov) |
| Prof Jonathan Jansen | Opvoedkundige Sielkunde | Cancelling schools' October break isn't only cruel, it's stupid | Times Live (18 Aug) |
| | | Ignore the anti-vax brigade and focus on the vax hesitant | Times Live (25 Aug) |
| | | No more empty promises about Babita. SA wants the 'real killers' in the dock | Times Live (1 Sep) |
| | | ANC reprieved? Zuma freed? Don't expect fairness in politics-obsessed SA | Times Live (8 Sep) |
| | | Get them jabbed and back on campus, for all our sakes | Times Live (15 Sep) |
| | | SA schools are killing fields and it is unacceptable | Times Live (22 Sep) |
| | | This latest ANC vote-grabbing exercise is cynical in the extreme | Times Live (29 Sep) |
| | | The DA has stooped to new lows of election hypocrisy | Times Live (6 Okt) |
| | | Transformation must never be an excuse to let standards drop | Times Live (13 Okt) |
| | | SA must recapture universities from unethical councils | Times Live (20 Okt) |
| | | CSA has made Quinton a scapegoat for its Kock-ups | Times Live (27 Okt) |

| OUTEUR | VAN (omgewing of afdeling) | OPSKRIF | PUBLIKASIE (klik vir artikel) |
| --- | --- | --- | --- |
| Dr Donald Katts | Praktiese Teologie en Missiologie | Tyd is kosbaar, maak seker jy benut dit goed | Netwerk24 (8 Sep) |
| | | Moed hou is goed, maar ons moet dóén ook | Netwerk24 (6 Okt) |
| Prof Nico Koopman | Viserektor: Sosiale Impak, Transformasie en Personeel | Sewe deugde help ons besin oor inenting | Netwerk24 (1 Sep) |
| | | Voor die Here is ons gelyk en goed genoeg | Die Burger (29 Sep) |
| | | Dis jou plig as burger om te gaan stem | Die Burger (27 Okt) |
| Prof Michael le Cordeur | Kurrikulumstudie | Welstand van onderwysers is baie belangrik | Netwerk24 (31 Aug) |
| | | Leerkragte se plig om skryf en lees te leer | Die Burger (13 Sep) |
| | | Maak seker onderwysers is veilig by skole | Netwerk24 (28 Sep) |
| | | Dán word jeug die brug na ’n nuwe lente | Netwerk24 (12 Okt) |
| | | Alle leerlinge verdien om vereer te word | Die Burger (26 Okt) |
| Prof Reggie Nel | Dekaan: Teologie | Laat jou inent, dis jou bydrae tot naastediens | Die Burger (25 Aug) |
| | | As ’n braai ons dan verbind, hoekom nie? | Die Burger (22 Sep) |
| | | Kom ons wees gemeenskappe wat hoop gee | Die Burger (20 Okt) |
| Hugo Pienaar | BEO | Hoër rentekoerse: vroeër en geleidelik, of later en aggressief? | Vrye Weekblad (15 Okt) |
| Prof Anton van Niekerk | Filosofie | Daar is rede in bisarre wêreld | Die Burger (31 Aug) |
| | | Waarheen met die bedelaars? | Netwerk24 (13 Sep) |
| | | Waar is vandag se Bart Nels? | Netwerk24 (28 Sep) |
| | | Inenting ’n saak van moraliteit | Die Burger (12 Okt) |
| | | Wat doen ons met Verwoerd? | Die Burger (26 Okt) |
| Dr Leslie van Rooi | Senior Direkteur: Sosiale Impak en Transformasie | Kan ons mekaar se stories deel? | Netwerk24 (26 Aug) |
| | | Hardekraaltjie nou deel van ons gesamentlike erfenis | Netwerk24 (7 Okt) |
| | | Dink ons nou anders oor ‘wokeness’? | Netwerk24 (28 Okt) |

## MEDEWERKERS

Die verslag is saamgestel deur **Naudé van der Merwe**, Bestuurskommunikasiespesialis en **Desmond Thompson**, Waarnemende Hoof: Korporatiewe Kommunikasie, in oorleg met **Prof Wim de Villiers**, Rektor en Visekanselier, en **Mohamed Shaikh**, Uitvoerende Bestuurder: Rektoraat.
Die **US Taalsentrum** het die redigeer- en vertaalwerk deur hul medewerker **Hendrien Swanepoel** gefasiliteer. Ons erken ook graag die volgende medewerkers, wat alfabeties volgens US-omgewing gelys word:

**Biblioteek- en Inligtingsdiens**: Ilse de Lange

**Eenheid vir Gelykwaardigheid:** Jaco Brink, Nadine Christians, Qaqamba Mdaka, Michelle Munro, Jill Ryan

**Fasiliteitsbestuur**: Nicolette van den Eijkel, Viljoen van der Walt, Japie Engelbrecht

**Finansies**: Manie Lombard, Liesel Grobbelaar, Karen Strauss

**Informasietegnologie**: Attie Juyn, Sonja van der Westhuizen

**Inligtingsoorsigbestuur**: Leon Eygelaar, Jerusha Naidoo, Jerall Toi en Dr Wilhelm Uys

**Innovus/SUNCOM**: Anita Nel, Joshua Romisher, Carol Kat

**Kantoor van die Bedryfshoof**: Prof Stan du Plessis, Petro Mostert

**Korporatiewe Kommunikasie en Bemarking**: Dr Alec Basson, Marguerite Cloete, Christelle Feyt, Marick Hornsveld, Candes Keating Martin Viljoen en Michelle Swart (studentewerwing)

**Leer- en Onderrigverryking**: Dr Antoinette van der Merwe, Miné de Klerk, Erina Basson, Arné Binneman, Shannon Bishop, Sanet de Jager, Erica George, Christine Joubert, Michelle Pieters, Juanli Theron, Kim Wallmach, Charmaine van der Merwe, Nicoline Herman, Sim Ntwasa, Gerda Dullaart, Anthea Jacobs, Claudia Swart Jansen van Vuuren, Melanie Skead, Jean Farmer, Karin Cattel-Holden, Dr JP Bosman, Zainab Suliman, Sonja Strydom en Magriet de Villiers

**Maties Sport**: Ilhaam Groenewald

**Navorsingsontwikkeling**: Maryke Hunter Hüsselmann

**Strategiese Inisiatiewe**: Dr Barbara Pool

**Studentesake**: Dr Choice Makhetha, Dr Munita Dunn-Coetzee, Pieter Kloppers, Gareth Cornelissen, Ruth Andrews, Heidi October, Anele Mdepa, Yeki Mosomothane, Khairoonisa Foflonker en Ayanda Ntuli

**US Internasionaal**: Dr Nico Elema, Prof Sarah Howie, Anisa Khan, Robert Kotzé, Sarah van der Westhuizen

**VS Leer en Onderrig**: Prof Deresh Ramjugernath, Maretha Joyce

**VS Navorsing, Innovasie en Nagraadse Studie**: Prof Eugene Cloete, Inge-Rae Scholtz

**VS Registrateur**: Dr Ronel Retief, Ashmind Daniels, Freek Truter, Dr Celeste Nel, Anne Havemann-Serfontein, Mecia Petersen, Farah Fredericks, Lazelle Bonthuys, Penny van der Bank, Ruby Frans, Beire Kramer, Robert Young en Jonathan Blanckenberg (en Candice Egan van Ontwikkeling en Alumnibetrekkinge)

**VS Sosiale Impak, Transformasie en Personeel**: Prof Nico Koopman, Joanne Williams, Fredelene Nefdt, Jubelian Korkie, Chevaan Peters, Michelle Pietersen, Mawethu Nyakatya, Rene Hector-Kannemeyer, Ernestine Meyer-Adams, Bongani Mgijima, Natasha Coltman, Sharon Fortuin, Saartjie Botha, Dr Leslie van Rooi, Awethu Fatyela, Dr Claire Kelly, Katlego Letlonkane, Shanté Neff, Dr Zethu Mkhize, Dr Jo-Anne Kirby, Dr Lynne Julie, Anneke Van Heerden, Dr Haidee Williams, Rukshana Adams, Erika Botha, Ronita February, Tanya Green, Dr Melissa Janse van Vuren, Susan Crumpton, Dr Craig Thompson, Dr PL Viviers, Valdene Southon, Shibu Mamabolo, Lieze-Carli Roux, Victor Mothobi en Venessa Williams

**VS Strategie en Internasionalisering**: Prof Hester Klopper, Dr Wayne Muller